

# **Vrae en Antwoorde oor Genesing, Spreek in Tale en Profesie**

**Wat sê die Bybel werklik oor  
wonderwerkende tekens en gawes?**

Joel James

Kopiereg © Joel James, 2019

**Word of the Cross**

Die boekie mag in gedrukte of elektroniese vorm versprei word onder die volgende voorwaardes:

- Die verspreiding moet gratis wees
- Geen veranderinge mag aan die teks aanbring word nie
- Alle kopieë moet die volgende bevat:  
Vrae en Antwoorde oor Genesing, Spreek in Tale en Profesie:  
Wat sê die Bybel werklik oor wonderwerkende tekens en gawes?  
Kopiereg © Joel James, 2019  
Gebruik met toestemming.

Indien u die boekie vir ander redes wil gebruik, moet toestemming verkry word vanaf **Word of the Cross**.

Oorspronklike uitgawe:

Questions and Answers about Healing, Tongues, and Prophecy: What the Bible really says about miraculous sign gifts.

© Joel James, 2004, Revised Edition

Skrifaaanhalings geneem uit:

Die Bybel in Afrikaans. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1933, 1953.

Gebruik met toestemming.

Die 1983 Bybelboek-name is gebruik.

Uitgegee deur

**Word of the Cross**

Posbus 39263

Garsfontein-Oos

0060

Suid-Afrika

[orders@gracefellowship.co.za](mailto:orders@gracefellowship.co.za)

## INHOUDSOPGAWE

Inleiding .....	1
Vrae rondom Genesing .....	7
Vrae rondom Profesie.....	16
Vrae rondom die Doop met die Gees .....	27
Vrae rondom die Spreek in Tale.....	33
Vrae rondom vandag se Wondertekens .....	54



# Inleiding

Die eerste vrae wat ek oor wondertekens gehad het, was toe vriende gedurende my eerste jaar op Universiteit my genooi het om saam met hulle kerk toe te gaan. Dit was 'n groot kerk wat bekend was vir hulle klem op wondertekens en veral die spreek in tale. Ek was nuuskierig om te sien hoe dit sou wees, want ek het nie grootgeword in 'n charismatiese kerk nie. Aan die einde van die diens het die predikant die mense gevra om vorentoe te kom om "met die Heilige Gees vervul te word en in tale te spreek." 'n Groot groep het vorentoe gegaan en almal het tegelyk in tale begin praat.

Iets het my egter gepla en ek het deur 1 Korintiërs 12-14 begin blaai omdat dié gedeelte die gawes van die Gees dek. My oog het op die woorde in 1 Korintiërs 14:27 geval. "En as iemand in 'n taal spreek, laat dit dan wees twee of hoogstens drie, en om die beurt; en laat een dit uitlê." Hierdie gelowiges, wat met goeie voorneme aanspraak gemaak het dat hulle Geesvervuld was, het in werklikheid al drie die riglyne van die Gees oortree:

1. meer as drie persone het in tale gepraat,
2. almal het tegelyk gepraat en
3. niemand het dit uitgelê nie.

Ek was verbaas dat 'n kerk wat daarop aanspraak maak dat hulle die gawe van tale beoefen, die Gees se riglyne oor die gebruik van die gawe so blatant ignoreer.

Inderdaad is die nalaat van die Gees se riglyne oor geestelike gawes (veral die wondertekens) amper so oud as die gawes self.

En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie.

1 Korintiërs 12:1

Die Korintiërs het gedink dat hulle goed ingelig was oor die geestelike gawes. Hulle het in 'n groter mate in tale gespreek as enige ander Nuwe Testamentiese kerk. In hulle midde was daar ware profete wat boodskappe van God ontvang het, en Paulus het heel waarskynlik gedurende die agtien maande by daardie kerk mense gesond gemaak. Die Korintiërs het dus gedink dat hulle kenners op dié gebied was, maar hulle was heeltewel verkeerd. Die Griekse woord *agnoien* wat as *onkundig* vertaal word, beteken eintlik *sonder kennis*. Paulus skryf dus “ek wil nie hê dat julle *sonder kennis* moet wees nie.”

Wat 'n skok! Alhoewel hulle *dié* kerk was, gekenmerk deur die gawes van die Gees, sê Paulus dat die Korintiërs onkundig was oor die Gees se riglyne rakende gawes. Ek dink dat die Korintiërs se probleem toentertyd steeds vandag 'n probleem is. Entoesiasme oor wondertekens verberg dikwels onkunde oor daardie gawes. Die kerk wat ek hierbo genoem het, was ongelukkig 'n voorbeeld hiervan. Hulle entoesiasme vir tale was bo verdenking. Hulle minagting van die Gees se riglyne was onvergeeflik.

## **Waar kry ons dan antwoorde?**

Elkeen het sy eie mening oor geestelike gawes. Wie is reg? God is. Ons kan egter verdeeld wees oor hoe ons uitvind wat God *dink* oor die geestelike gawes. Die Bybel is vanselfsprekend die beginpunt. Soos die son die aarde se

bron van lig en hitte is, so is die Bybel die Christen se bron van waarheid en wysheid. Sommige mense verwerp dit deesdae. Ek is bewus van “profete” in Pretoria wat luidkeels verkondig: “Gooi weg die Bybel en begin luister wat die Gees vandag sê.” Dit is ’n oordrewe standpunt oor hoe ons deur die Gees gelei word. Sulke mense sê (miskien het jy dit ook al gesê): “Die Gees lei my om die gawes uit te leef; daarom hoef ek nie besorg te wees oor wat die Bybel sê nie.”

Daar is niks nuuts onder die son nie. Die Korintiërs het ook so gedink. Diegene wat “geestelik” was, het gedink dat hulle verhewe was bo God se riglyne rakende die gawes. As jy geestelik is, beteken dit egter nie dat jy jou eie reëls kan maak nie; dit beteken dat jy blymoedig gehoorsaam aan God se riglyne is.

Paulus verwerp hierdie “ek-word-deur-die-Gees-gelei” argument met goddelike gesag. In 1 Korintiërs 14 gee Paulus ’n lys van God se riglyne ten opsigte van tale en profesie. Hy het geweet dat daar nie ’n gejuig in Korinte sou uitbreek wanneer hulle hierdie riglyne hoor nie. Van hulle geliefde gewoontes is onwettig verklaar! Hulle wou aanhou om dinge te doen “soos die Gees hulle lei.” Hulle wou Paulus in die oë kyk met ’n tartende weiering. Paulus sê vir hulle:

As iemand meen dat hy ’n profeet of ’n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is. Maar as iemand onkundig is, laat hom onkundig bly.

1 Korintiërs 14:37-38

“As iemand meen dat hy ’n profeet of ’n geestelike mens is...” Paulus het geweet watter argument hulle teen hom sou gebruik: “Ons word deur die Gees gelei. Ons het ’n nuwe, ’n

vars woord. Jy kan nie vir ons vertel wat om te doen nie.” Paulus het egter wel die outoriteit gehad om vir hulle te sê wat om te doen, want hy was ’n apostel en het Christus se gesag agter hom gehad. Wat hy geskryf het, was *bevele van die Here* oor geestelike gawes en niks minder nie. Paulus dryf die spot met die Korintiërs se idee dat hulle die reëls neerlê wat geestelike gawes bepaal. “Of het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?” (v. 36). Christus het die apostels aangestel om die leerstellinge en optrede van die kerk te bepaal, nie die Korintiërs nie (en ook nie enige gelowige vandag nie).

Diegene wat beweer dat hulle deur die Gees gelei word en daarom hulleself bo die Bybelse riglyne oor geestelike gawes verhef, seil ’n groot boot in vlak water. Paulus sê, as jy nie God se riglyne ten opsigte van die gawes aanvaar nie, dan aanvaar God jou nie (1 Korintiërs 14:38). Paulus verwerp die “Ek-word-deur-die-Gees-gelei” argument; moenie ’n argument gebruik wat Paulus verwerp het nie.

## **Maar dit hét met my gebeur!**

Mag ons ondervindings (dit het met my gebeur) vertrou as waarheid oor die gawes van die Gees? Die Korintiërs is ’n klinkklare bewys dat jy nie kan nie. Hulle het elke week in hulle kerk wondertekens beleef en dit het hulle *net mooi niks* gehelp nie. Paulus noem hulle *onkundig*. Om vrae oor wondertekens te beantwoord sal ons die Bybel moet raadpleeg en nie ervarings nie.

Hierdie boekie gaan vuurwarm onderwerpe aanraak oor die spreek in tale, genesing, doop met die Gees, of sekere gawes



beëindig is of nie, ensovoorts. Dit is 'n veldbrand van twisvrae. In sekere gevalle sal jy moontlik jou vererg omdat jy met my verskil. Bly kalm en luister na die Skrif, en laat toe dat God se Woord enige gapings in jou kennis aanvul. As jy iets leer oor wondertekens wat jy nie voorheen geweet het nie, wees dapper genoeg om dit te erken, en verander jou standpunt.

## **Wat is geestesgawes?**

Geestesgawes is nie net talente of vermoëns soos om te sing of 'n redenaar te wees nie. Pavarotti sing pragtig en Cicero was 'n uitmuntende redenaar, maar slegs Christene kan geestesgawes hê. Geestesgawes kom van God, word deur die Gees bemagtig en is die vermoë om ander in die kerk te dien (1 Korintiërs 12:4-6,7,11).<sup>1</sup>

## **Wat is wondertekens?**

Al die gawes van die Gees was nie sigbare wonderwerke nie. Daar is byvoorbeeld niks wonderbaarliks in die vermoë om goed te administreer nie, ook nie in hulpverlening, lering of finansiële bydraes nie. Gawes soos profesie, spreek in tale of wondergenesings, was anders. Deur hulle aard was dit duidelik wonderwerke. Dit was ook opwindend. 'n Menigte is hierdeur getrek en dit het die geleentheid geskep sodat die

---

<sup>1</sup> Daar is vier plekke in die Nuwe Testament waar ons lysste van gawes van die Gees vind: Romeine 12:6-8; 1 Korintiërs 12:8-10; Efesiërs 4:11 en 1 Petrus 4:10-11.

evangelie aan baie mense verkondig kon word. Dit was soos 'n buitelig-advertensie wat die waarheid en krag van die Christelike geloof bekendgestel het.

Die term “wondertekens” kom in 1 Korintiërs 14:22 voor waar die spreek in tale en profesie “tekens” genoem word. Die Griekse woord *semeion* het verwys na wonderwerke wat bevestig het dat die prediker God se boodskapper is. In Handeling 2:22 noem Petrus byvoorbeeld Jesus “...’n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens (semeion) wat God deur Hom onder julle gedoen het.” Die apostels is op dieselfde wyse as God se boodskappers bevestig. God het hulle bevestig “deur tekens en wonders en allerhande kragtige dae en bedélinge van die Heilige Gees” (Hebreërs 2:4). Watter gawes het as goddelike bewyse gedien om te bevestig dat hierdie vroeë predikers van die evangelie wel God se manne was? Dit was nie administratiewe vermoë, dienslewering of bydraes nie, maar wel duidelike wonderwerke soos profesie, spreek in tale, en wondergenesings – hierdie was bekende wondertekens.

Niemand betwyfel dat geestesgawes soos administrasie, hulpverlening, lering, bydraes of leierskap tans in die kerke teenwoordig is nie. Hierdie gawes funksioneer en speel 'n belangrike rol. Die verwarring heers rondom die wondertekens. Wat is hulle? Is hulle tans teenwoordig of nie? Kom ons kyk na Bybelse antwoorde en begin met die gawe van genesing.

# Vrae rondom Genesing

’n Man in ons kerk het voorheen een van die groot wonderteken-kerke in Johannesburg bygewoon. By een van hulle genesingsdienste het hy na vore gegaan om van sy swak sig verlos te word. Toe dit sy beurt was, het die predikant vir hom gebid, sy bril afgehaal en in die asblik gegooi. Hy is toe gevra of hy die “UITGANG” bord bokant die deur aan die kant van die verhoog kon lees. Aangesien die bord so groot en goed belig was, kon hy dit lees sonder sy bril. Op ’n dramatiese manier, terwyl die skare juig, het die predikant aangekondig dat hy genees is.

My vriend is geleer dat jy geloof moet hê as jy wil verseker dat jou genesing effektief is. Dus het hy vir ’n paar maande voorgegee dat sy sig perfek was al het hy besef dat sy sig geensins verbeter het nie. Die uiteinde was, soos met baie ander, dat hy die kerk verlaat het, ontnugter, gefrustreer en teleurgesteld (en hy moes ’n afspraak maak om weer ’n bril te kry). As dit die gawe van genesing is, dan is daar groot fout.

## **Wat is die eienskappe van die Nuwe Testamentiese “gawe van genesing”? (1 Korintiërs 12:28)**

Die eerste voorbeeld van die gawe van genesing is Petrus se genesing van die verlamde man in Handeling 3.

En daar is ’n sekere man aangedra wat van sy geboorte af kreupel was; hulle het hom elke dag neergesit by die tempelpoort wat die Skone genoem word, om ’n aalmoeste vra van die wat in die tempel ingaan. Toe hy sien dat

Petrus en Johannes die tempel wou binnegaan, het hy om 'n aalmoes gevra. En Petrus saam met Johannes het hom stip aangekyk en gesê: Kyk na ons. En hy het sy oë op hulle gehou in die verwagting dat hy iets van hulle sou ontvang. Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasarener, staan op en loop! Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword. En hy het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop en spring en God prys.

Handelinge 3:2-8

Hierdie Nuwe Testamentiese gawe van genesing wat ná die uitstorting van die Heilige Gees plaasgevind het, het sekere eienskappe:

1. Dit is nie *aangehelp* nie. Daar is nie mediese ingrepe, medisyne of operasies nodig sodat volle genesing plaasvind nie.
2. Dit was *oombliklik*. Geen lang en herhaalde gebedsgeleenthede was nodig nie. Dit het nie weke of maande geneem vir die man se bene om sterk te word nie. Petrus sê, “staan op en loop” en “onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword.”<sup>2</sup>
3. Die genesing was *volledig*. Die genesing van die verlamde man was nie gedeeltelik of tydelik nie. Hy het nie 'n paar treë gestrompel nie. Hy het opgespring,

---

<sup>2</sup> Daar is drie geleenthede waar genesing deur Jesus nie onmiddellik plaasgevind het nie. In elke geval was die vertraging slegs minute. In Handelinge is daar geen genesings wat nie onmiddellik plaasgevind het nie.

gestaan, rondgeloop, gespring en was nooit weer verlam nie.

4. 'n *Sigbare siekte wat bevestig kon word*, is genees. Petrus het nie net 'n hoofpyn, rugpyn of onsigbare interne toestand gesond gemaak nie. Petrus het 'n man gesond gemaak wat sigbaar misvormde bene gehad het. Die een oomblik was sy bene misvormd en die volgende oomblik was hulle reguit en sterk.
5. Die *genesing kon nie ontken word nie*. Só onweerlegbaar was die wonderwerk in Handeling 3, dat die Joodse geestelike leiers (om die minste te sê was hulle geen vriende van Petrus nie) die volgende gesê het: “Want dat daar 'n kenlike teken deur hulle plaasgevind het, is duidelik vir al die inwoners van Jerusalem; ons kan dit nie ontken nie” (Handeling 4:16).
6. Die genesing *het nooit misluk nie, ongeag die geloof van die ontvanger*. Die verlamde man in Handeling 3 was nie eens bewus dat Petrus van plan was om hom gesond te maak nie; al wat hy wou vra was 'n handvol muntstukke. Hy het geen geloof gehad nie, maar dit het nie verhinder dat Petrus hom gesond gemaak het nie.

Lukas se verslag in Handeling 5 oor die apostels se bediening om gesond te maak, belig verskeie ander eienskappe van die Nuwe Testamentiese gawe van genesing.

En deur die hande van die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind; en hulle was almal eendragtig saam in die pilaargang van Salomo. .... En die menigte van die stede in die omtrek het ook in Jerusalem bymekaargekom en siekes gebring en mense wat deur onreine geeste gekwel was; en *hulle is almal genees*.

Handelinge 5:12,16 (klem bygevoeg)

7. *Niemand was ongenees nie*. Elke persoon wat na die apostels gekom het vir genesing, is genees.
8. Die gawe van genesing was gebruik *om ongelowiges te genees, nie gelowiges nie*. Miskien is jy hieroor verras, maar daar is nie een duidelike voorbeeld in die boek van Handelinge of in die Nuwe Testamentiese briewe waar 'n Christen 'n ander Christen genees het nie.<sup>3</sup>

Petrus het 'n ongelowige in Handelinge 3 genees. In Handelinge 5 het die mense vanuit Judea hulle siekes gebring vir genesing. Filippus, die evangelis, het ongelowiges genees toe hy die evangelie in Samaria verkondig het (Handelinge 8) en Paulus het genees gedurende sy sendingreise (Handelinge 14). Die Nuwe Testament gee nooit 'n voorbeeld van 'n Christen wat 'n ander Christen genees nie. Met ander woorde, genesing was 'n wonderteken: genesing het aan ongelowiges bewys dat die evangelieboodskap eg is en so is evangelisasie bevorder.

---

<sup>3</sup> Dit sluit nie die opwekking van gelowiges uit die dood in nie (Handelinge 9 en Handelinge 20). Die opwekking uit die dood kan nie beskou word as genesing nie.

“Eneas, Jesus Christus maak jou gesond; staan op en maak jou bed op! En hy het dadelik opgestaan. En al die inwoners van Lidda en Saron het hom gesien *en hulle tot die Here bekeer.*”

Handelinge 9:34-35 (klem bygevoeg)

Genesing het plaasgevind *sonder voorbereiding of spesiale byeenkomste*. Petrus het in die Tempel en op straat in spontane omstandighede genees; so ook Paulus (Handelinge 14:8-9).

Hierdie is die eienskappe van Nuwe Testamentiese genesing. Dit was sonder hulpmiddels, oombliklik, ten volle en het sigbare verminkings en siektes genees. Die genesings was so duidelik dat selfs die vyande van die Christelike geloof dit nie kon ontken nie. Die Nuwe Testamentiese gawe van genesing het nooit misluk nie, ongeag die geloof van die ontvanger. Almal wat gekom het vir genesing, is genees. Die gawe was nie gebruik binne die kerk om ander gelowiges te genees nie. Inteendeel; dit was ’n wonderteken met die doel om die evangelie onder ongelowiges te bevorder. Dit het spontaan plaasgevind en het nie die beheerde omgewing van ’n spesiale byeenkoms nodig gehad nie.

## **Was die gawe van genesing gegee sodat Christene ander Christene kan gesond maak?**

Daar is geen bewyse dat genesings binne die kerk plaasgevind het nie. Toe Paulus aan Timoteus skryf, noem hy Timoteus se maagaandoening en “herhaalde ongesteldhede” (1 Timoteus 5:23). Paulus se raad aan Timoteus was nie “soek iemand met die gawe van genesing” nie. Sy raad was “gebruik ’n bietjie wyn.” Paulus het nie verwag dat ’n ander

lidmaat Timoteus se maagaandoening sou genees nie. Dit was nie die doel met die gawe van genesing nie.

Ander gevalle van siekte in die Nuwe Testament ondersteun hierdie gevolgtrekking. Volgens 2 Timoteus 4:20 moes Paulus vir Trófimus, 'n waardevolle kameraad, agterlaat gedurende een van die sendingreise. Die rede was dat Trófimus te siek was om te kon reis. Ook sê Jakobus dat indien iemand siek was, hy die ouderlinge moes roep om voorbidding te doen (Jakobus 5:14ff). Jakobus bedoel nie iemand met die gawe van genesing nie. Met ander woorde, daar is nie voorbeelde waar die vroeë kerk, wanneer daar fisiese siekte onder sy lidmate was, die gawe van genesing wou gebruik nie.

### **Ons het verskeie weke gebid vir 'n lidmaat wat kanker gehad het en die kanker het afgeneem. Is dit 'n bewys dat die gawe van genesing plaasgevind het?**

Nee. Die gawe van genesing was nie net 'n antwoord op gebed nie. Die gawe van genesing was deur die Gees gegee en was 'n bonatuurlike vermoë om iemand direk, onmiddellik en wonderbaarlik te genees. Toe Petrus die verlamde man in Handeling 3 genees het, het hy nie almal bymekaar geroep om vir die man te bid nie. Ook het hy nie 'n gebedsketting begin nie. Petrus het die man direk en oombliklik genees; dit was die gawe van genesing. Indien gebede vir gesondheid verhoor word, is dit wonderlik. Dit is beslis anders as die gawe van genesing: die krag om direk, onmiddellik en wonderbaarlik te genees.



## Kan God vandag nog wondergenesings<sup>4</sup> doen?

God kan ter enige tyd wondergenees. Die gawe van genesing is nie slegs *God* wat genees nie; dit is *persone* wat genees deur *God* se krag. Daarin lê die groot verskil.

Kom ons kyk na die verskil. Jack Deere is 'n bekende teoloog in die charismatiese beweging. Hy het 'n paar bekende boeke geskryf wat tekens en wonders aanprys. In een van die boeke vertel hy van 'n gesprek oor wonderwerke wat hy met een van sy studente gehad het.<sup>5</sup> Die student noem toe dat, met slegs 'n paar uitsonderings, wonderwerke beperk was tot drie tye in die Bybelse geskiedenis: die tyd van die Eksodus toe Moses wonderwerke gedoen het, die tyd van Elia en Elisa (1 en 2 Konings) en die tyd van Christus en die apostels.

Deere het die student tereggewys deur te noem dat hy vergeet het dat God oorweldigende wonderwerke gedoen het gedurende die skepping. God het die son ook laat stilstaan in die tyd van Joshua. In Daniël se tyd het God drie manne uit die brandende vuuroond gered, ensovoorts. Deere sê dat God deurlopend wonderwerke doen.

Wie was reg? Die student of Deere, die professor in teologie? Die student was reg. Al die voorbeelde wat Deere noem was wonderwerke wat God gedoen het *sonder dat daar 'n mens betrokke was*. Die student het wonderwerke genoem wat God gedoen het *deur 'n persoon*. Hierdie is 'n belangrike

---

<sup>4</sup> 'n Wonderwerk van God kan nie deur die wette van die natuur verduidelik word nie.

<sup>5</sup> Jack Deere, *Surprised by the Power of the Spirit*. Grand Rapids: Zondervan, 1993, p. 49ff.

onderskeid. *God* kan ter enige tyd wonderwerke doen. Die Bybelse geskiedenis wys dat God dit selde doen, maar verseker kan Hy dit doen. Dit is nie die gawe van genesing nie. Die gawe van genesing is 'n Goddelike wonderwerk *deur middel van 'n persoon*.

## **Is die gawe van genesing deesdae teenwoordig?**

Ek glo nie dat die gawe van genesing deesdae in die kerk teenwoordig is nie. Die rede daarvoor is dat vandag se “genesings” nie naastenby lyk soos die Nuwe Testamentiese genesings nie.<sup>6</sup>

Vandag se “genesings” benodig dikwels mediese hulp (operasies, voorskrif-medisyne en ander behandelings) om suksesvol te wees. Sulke “genesings” neem weke of maande, eerder as dat dit oombliklik is. Dié “genesings” is onvolledig: die kreupele loop, maar net met strompelende treë en baie pyn. Dié “genesings” is tydelik: die hartkwaal is na twee maande terug nadat dit skynbaar verdryf is.

Hedendaagse “genesings” is slegs suksesvol met kwale wat onsigbaar is. Omdat hulle onsigbaar is, is hulle twyfelagtig. Geen geneser kan vandag sê dat hy *al* die siektes wat na hom gebring is, genees het nie. Vandag se genesingsdienste word ook so gereël dat die stemming onder die mense versigtig bestuur word. Ook die mense wat “genees” gaan word, word versigtig gekies. Die gevolgtrekking is dat die Nuwe

---

<sup>6</sup> *The Healing Promise* deur Richard Mayhue, Harvest House Publishers, 1994, word sterk aanbeveel vir verdere studie.

Testamentiese gawe van genesing nie in vandag se kerke in werking is nie.

## **Is daar 'n verskil tussen deesdae se gawe van genesing en die Nuwe Testamentiese gawe van genesing?**

Sommige mense beweer dat dit onregverdig is om die hedendaagse genesings te vergelyk met dié van die Nuwe Testament, omdat die werking van die Heilige Gees vandag anders is – minder kragtig. Waar in die Bybel lees ons dat die gawe van genesing self ondoeltreffend sal word? Is die Heilige Gees dan onvoldoende, 'n flou skadu, sonder die vermoë om te genees soos in die verlede? Die Bybel leer nooit dat die gawe van genesing sou verdwyn en dan negentien eeue later weer sou verskyn nie.

Hierdie redenasie is veral twyfelagtig, komende van hulle wat graag Jesus se woorde aanhaal, “en hy sal groter werke doen as dit” (Johannes 14:12). Dit is lawwigheid om te beweer dat vandag se genesings groter is as Jesus s'n, wanneer hulle in werklikheid minderwaardig is in vergelyking met Jesus se genesings.<sup>7</sup>

---

<sup>7</sup> Die apostels het nie wonderwerke gedoen wat met dié van Jesus vergelyk kon word nie. Dus is Johannes 14:12 óf vals óf dit verwys na die wonderwerk van bekering. Die apostels het meer bekerings gesien as wat Jesus gedurende Sy bediening gesien het. Dus is die “groter werke” van Johannes 14:12 waarskynlik die wonder van bekering en nie van genesing nie.

## Vrae rondom Profesie

### Was die gawe van profesie openbarend of het dit slegs verwys na Gees-bemagtigde prediking?

Profete was nie slegs predikers nie. Efesiërs 3 stel dit duidelik.

...waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan, wat in ander tye aan die mensekinders *nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is* deur die Gees.

Efesiërs 3:4-5 (klem bygevoeg)

Profete was gelowiges soos Paulus byvoorbeeld, aan wie God nuwe leerstellinge bekend gemaak het. Somtyds het God ook toekomstige gebeurtenisse aan hulle bekend gemaak: Agabus in Handeling 11 en 21, Paulus in Handeling 18 en 27. Soms het God deur hulle preke gesprek (1 Korintiërs 14:3) soos Hy met die Ou Testamentiese profete gedoen het. Die gawe van profesie was anders as die gawe van onderwysing (die twee word onderskei in 1 Korintiërs 12:28). Wat maak dan 'n profeet 'n *profeet*? Dit was die feit dat God soms aan hom direkte openbaring gegee het.

## **Watter reëls het gegeld vir die gawe van profesie?**

Paulus gee die volgende Gees-geïnspireerde reëls aan die Kerk:

Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel. Maar as daar iets geopenbaar is aan 'n ander wat daar sit, laat die eerste swyg. Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal bemoedig word. En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe; want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede ...

1 Korintiërs 14:29-33a

Eerstens mag nie meer as drie profete tydens 'n kerkdienst praat nie. Tweedens moes die ander (vermoedelik ook profete) die profesie beoordeel. Hierdie was 'n ingeboude veiligheidsmaatreël om opgemaakte menslike profesieë te verhoed.

In die derde plek moes die profete beurt maak. Die Korintiërs het opgetree soos 'n klomp dors kinders by 'n waterfontein – stoot en stamp om eerste te wees. Indien 'n ander profeet in die gemeente 'n boodskap ontvang het, moes die profeet wat aan die beurt was, hom 'n geleentheid gun om te praat.

In vers 32 gee Paulus die rede vir hierdie geduldige en beheerste beurtspraak: “En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe.” Hier is die prentjie: 'n Lid van die Korintiese kerk spring op en roep 'n profesie uit terwyl iemand anders besig is om te preek. Sy verskoning daarvoor

was: “Ek kon myself nie keer nie. Die Gees was aan die beweeg.”

Vandag word dieselfde verskoning gebruik deur mense wat luidkeels in tale praat, blaf, pogo (op een plek staan en spring), op die vloer val en selfs braak “in die Gees.” Al dié gedrag, ongeag hoe aaklig, onbeleefd, of walglik, word aan God se Gees toegeskryf. Die-Heilige-Gees-het-my-dit-laat-doen verskoning het ’n stokou afkoms: die Korintiërs het dit ook gebruik om hulle aanbiddings-gruweldade te verskoon.

Paulus verwerp die verskoning dat God se Gees onbeheerste uitbarstings tot gevolg het: “Die geeste van die profete is aan die profete onderworpe.” Onbeheerste gebrabbel, fisiese rukgings, en vreemde gedrag was algemeen in heidense profesie. Indien God se Gees egter aan die werk was, was die profeet ten volle in beheer van sy “gees” of innerlike mens. As bevestiging skryf Paulus “En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe; want God is nie ’n God van wanorde nie, maar van vrede” (v. 32-33a). As God se Gees aan die werk is, dan is daar vrede en eensgesindheid in die aanbiddingsdiens, nie wanorde of onbeskaafdheid of vreemde gedrag nie.

## **Was vroue toegelaat om te profeteer?**

Ja, maar nie in die aanbiddingsdiens nie. In 1 Korintiërs 11:5 lees ons dat vroue profeteer. Handeling 21:9 noem dat Filippus, die evangelis, vier dogters gehad het wat profetesse was. Maar 1 Korintiërs 14:34 maak dit duidelik dat vroue nie gedurende die aanbiddingsdiens moet profeteer nie: “Julle vroue moet in die gemeentes swyg.” Die rede hiervoor is

waarskynlik dat daar mans teenwoordig was, en vroue is nie toegelaat om mans te leer nie (1 Timoteus 2:12).

## **Is die Nuwe Testamentiese *gawe* van profesie anders as die Ou Testamentiese profesie? Met ander woorde, kan iemand met die Nuwe Testamentiese *gawe* 'n verkeerde of onvervulde profesie uitspreek?**

Nee.<sup>8</sup> In die Ou Testament was die maatstaaf vir God se profete honderd persent akkuraatheid as dit by lering en voorspelling gekom het (Deuteronomium 13:1-5; 18:20-22). Let veral op Deuteronomium 18.

Maar die profeet wat so vermetel is om 'n woord in my Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, dié profeet moet sterwe. En as jy in jou hart sê: Hoe sal ons die woord weet wat die HERE nie gespreek het nie? —as die profeet in die Naam van die HERE spreek, en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dit die woord wat die HERE nie gespreek het nie; deur vermetelheid het die profeet dit gespreek; jy mag vir hom nie bang wees nie.

Deuteronomium 18:20-22

Honderd persent betroubaarheid in voorspelling is herhaaldelik in die Ou Testament bevestig (1 Samuel 3:19-20; 9:6; Jeremia 28:9). Daar is in die Nuwe Testament geen aanduiding dat die apostels geleer het of gesinspeel het dat

---

<sup>8</sup> Die vraag word in detail gedek in die boekie *Testing Today's Prophecy*.

die maatstaf verander het nie. Indien dit wel verander het, sou die apostels so gesê het. Indien die maatstaf nie verander het nie, sou die Joodse gelowiges al die nuwe feilbare profete voor die voet verwerp het.

Die apostels het nie nodig gehad om enigsins iets te sê wat sou aandui dat die betroubaarheid van profesieë verander het nie. Profete wat foutiewelik geprofeteer het, was steeds valse profete. God het dit perfek in die woorde van Jeremia opgesom.

So sê die HERE van die leërskaare: Luister nie na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie; hulle vervul julle met ydele verwagtinge; gesigte uit hul eie hart verkondig hulle, nie uit die mond van die HERE nie.

Jeremia 23:16

## **Vertoon die boodskappe van die gawe van profesie nie hulleself as innerlike indrukke nie, wat dan die moontlikheid skep dat die profeet dit kon misverstaan?**

Nee. Laat ons weer die Ou Testamentiese agtergrond stel. In die Ou Testament het die profete gesê: “So spreek die Here” en nie “hier is ’n indruk wat ek in my gees het” nie. Hulle het God se presiese woorde gespreek.

Toe het die HERE sy hand uitgestrek en my mond aangeroer; en die HERE het vir my gesê: Hiermee lê Ek my woorde in jou mond.

Jeremia 1:9 (kyk ook Deuteronomium 18:18 en Sagaria 7:12)

Hoe was dit dan in die tyd van die Nuwe Testament? Alle Christene wat in die Bybel glo, stem saam dat die skrywers



van die Nuwe Testamentiese Skrif wel God se woorde neergepen het. Petrus skryf:

... terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek .

2 Petrus 1:20-21

Het God moontlik dan 'n *ander* en minder akkurate metode gebruik vir diegene wat die *gawe* van profesie ontvang het? Nee. Die voorbeelde van die gawe van profesie in die Nuwe Testament maak duidelik dat die profete die presiese woorde van God ontvang het. Dink net aan Agabus se profesie dat Paulus gebind en aan die Romeine in Jerusalem oorgelewer sou word.

En toe hy by ons kom, neem hy die gordel van Paulus en bind sy eie hande en voete en sê: *Dit spreek die Heilige Gees*: So sal die Jode die man wie se gordel dit is, in Jerusalem bind en in die hande van heidene oorlewer.

Handelinge 21:11 (klem bygevoeg)

Agabus het nie vae indrukke ontvang nie, ook nie iets wat maklik misverstaan kon word nie. Agabus het die woorde direk van die Heilige Gees ontvang. Paulus se gawe van profesie was dieselfde. Let op wat Paulus aan sy medereisigers gesê het nadat hulle alle hoop opgegee het om die groot storm wat hulle skip geteister het, te oorleef.

Daarom, hou moed, manne; want ek glo God dat dit so sal wees *soos aan my gesê is*.

Handelinge 27:25 (klem bygevoeg)

Paulus het vertrouwe gehad as 'n profeet wat woorde direk van God ontvang het. Hy het nie rondgesoek in sy innerlike indrukke om 'n stukkie goddelike inligting te vind wat maklik misverstaan kon word nie.

Die moontlikheid dat 'n profeet God se woord kon misverstaan of 'n verwarde boodskap kon kry, ignoreer Openbaring 22:6. Dáár word God “die Here, die God van die geeste van die heilige profete” genoem. God is soewerein oor die menslike gees van die profeet. God het nie aan 'n profeet 'n boodskap gegee en dan gewonder of die boodskap ongeskonde deur die profeet oorgedra sou word nie. God is die God van die profeet se gees: foute word nie toegelaat wanneer Hy die boodskap gee nie.

## **Moes profesieë getoets word vir akkuraatheid?**

Ja. Valse profete was deurlopend 'n gevaar (Matteus 7:15). Daarom moes elke profesie – en by implikasie die profeet – getoets word: “Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel” (1 Korintiërs 14:29). Heidense profete kon sê net wat hulle wou in die naam van hulle gode, want daardie gode was stom afgode (1 Korintiërs 12:2). Die Christelike standaard was anders en die God van Christene spreek - Hy het selfs sy Seun *die Woord* genoem. Wanneer Hy gespreek het, het Hy die waarheid gespreek. Sy profete kon nie sê net wat hulle wou wanneer hulle in Sy Naam gespreek het nie: “niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees” (1 Korintiërs 12:3).

Dit was en bly steeds belangrik om te toets: “Verag die profesieë nie. Beproof alle dinge; behou die goeie”

(1 Tessalonisense 5:20-21) en “Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan” (1 Johannes 4:1).

Om die valse profete van die ware profete te onderskei was heel waarskynlik die gawe wat “onderskeiding van die geeste” in 1 Korintiërs 12:10 genoem word. Dit word deur twee redes ondersteun: Eerstens noem Paulus dit direk na die gawe van profesie. In die tweede plek is die woord *onderskeiding* dieselfde woord wat in 1 Korintiërs 14:29 as *beoordeel* vertaal word, “Laat twee of drie profete spreek en die ander dit *beoordeel*.” Diegene wat die gawe ontvang het, kon onderskei of die profesie van God se Gees kom of van ’n ander gees (1 Johannes 4:1). Daar is geen bewyse dat wat sommige deesdae beweer – dat die gawe van onderskeiding van geeste wel die vermoë is om geheime inligting oor demone te ontdek – die waarheid is nie.

## **Watter skade berokken dit as iemand “ ’n woord van God” spreek, al is dit nie regtig die Nuwe Testamentiese gawe van profesie nie?**

Eerstens beledig dit die God van waarheid as iemand sou beweer dat hy ’n “woord” van Hom spreek en dan valse lering gee of voorspellings maak wat nie waar word nie. Tweedens het Jesus gewaarsku: “...pas op vir die valse profete” (Matteus 7:15), en onakkuraatheid was nog altyd “ ’n duidelike aanduiding dat ’n profeet vals is.” In die derde plek het God Jeremia soos volg gewaarsku: “... die HERE het gelas [uitspraak gelewer] - mag julle nie meer melding maak nie; want vir elkeen sal sy eie woord die las wees [uitspraak

wees]...” (Jeremia 23:36). Terwyl Christene besig is met “nuwe, vars woorde” wat dwalend, feilbaar en die gevolg van hulle verbeelding is, gee hulle nie aandag aan die ware, onfeilbare, ewige Woord van God, die Bybel, nie. Dit is ’n baie ernstige saak.

## **Gee 1 Korintiërs 13:8-10 ’n aanduiding wanneer die gawe van profesie sal eindig?**

Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan. Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele. Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.

1 Korintiërs 13:8-10

Paulus dui aan dat tale sal opdroog soos ’n tydelike waterstroom in ’n dorre landskap. Profesie en kennis (albei onthullende gawes) sal tot niet gaan soos water ophou vloei wanneer die klep toegedraai word. Niks word hier genoem oor wanneer tale sal ophou nie. Maar profesie sal tot niet gaan sodra “die volmaakte” gekom het. Wat Paulus bedoel het met “die volmaakte” is nie duidelik nie. Eerstens kan dit verwys na die voltooiing van die Nuwe Testament (gebaseer op Jakobus 1:25), “die volmaakte wet.” Paulus het egter nooit die Griekse woord *teleion* in sy skrywes gebruik nie. ’n Tweede moontlikheid is die terugkeer van Christus. ’n Derde – in my gemoed die mees waarskynlike – beskou “die volmaakte” as die ewigheid (m.a.w. die Hemel). Nou maak 1 Korintiërs 13:11 sin. Wat geld vir een tydvak (‘kinders’ of ‘hierdie wêreld’) geld nie noodwendig vir ’n ander tydvak (‘volwassenheid’ of ‘die Hemel’) nie. Dit pas ook die “van

aangesig tot aangesig” en “ten volle ken” in vers 12, wat dit te sterk uitdruk, selfs vir die voltooide Nuwe Testament. Hierdie uitleg laat ook toe dat die twee getuies, soos in Openbaringe 11:3 genoem, ware profete sou wees.

Beteken dit dat daar vandag nog profesie kan wees? Moontlik, maar moenie jou asem ophou nie. Die leiers in die profetiese beweging erken dat hulle profesieë gereeld verkeerd is en dikwels nie vervul word nie. “Ek skat God was nie in daardie een nie”, skerts hulle. Dit wat vandag aan die gang is, is **nie** die Bybelse gawe van profesie nie, maar ’n treurige aanspraakmaker wat deur God verwerp word.

Ek het gehoor wat die profete sê, wat in my Naam vals profeteer met die woorde: Ek het gedroom, ek het gedroom! Hoe lank nog? Is dit in die hart van die profete wat leuens profeteer en profete is van die bedrieëry van hulle hart ... ?

... Kyk, Ek het dit teen die profete, spreek die HERE, wat hulle eie tong gebruik en sê: Die HERE spreek! Kyk, Ek het dit teen hulle wat leuenagtige drome profeteer, ... terwyl Ek hulle nie gestuur en aan hulle geen bevel gegee het nie, en hulle vir hierdie volk hoegenaamd geen voordeel bring nie.

Jeremia 23:25-26, 31-32

## Waarom sou iemand feilbare profesieë wou uitspreek?

Ek het geen idee nie. Watter waarde het 'n profesie wat omtrent vyftig persent kans het om waar te word? Dis nou valse versekering!

Eintlik is dit 'n belangrike rede hoekom deesdae se “profete” dringend wil hê dat die gawe van profesie ook feilbare profesieë moet insluit: *hulle* profesieë is so dikwels verkeerd. Hulle wil die maatstaf verlaag om feilbare profesieë toe te laat; nie omdat God se Woord so aandui nie, maar omdat hulle andersins sal moet erken dat hulle gawe hoegenaamd nie die ware gawe van profesie is nie.

Profesieë wat onvervuld is of gedeeltelik verkeerd is, pas nie in die *Christelike* raamwerk nie. Hulle herinner mens eerder aan die heidense profesieë, die Griekse orakels of die profete van Baäl in die Ou Testament. Hulle is nie 'n Godgegewe en bekragtigde gawe van die Gees nie.

# Vrae rondom die Doop met die Gees

## Wat is die Doop met die Gees?

Dit is 'n innerlike geestelike gebeurtenis waardeur die Heilige Gees 'n gelowige in die liggaam van Christus plaas. "Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam ..."

(1 Korintiërs 12:13a).

## Wat is die doel van die Doop met die Gees?

Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.

1 Korintiërs 12:13

Die doel van die doop met die Gees is om eenheid te bewerkstellig. Die etniese en sosiale uiteenlopendheid (Jood/Griek, slaaf/vry) onder Christene is nie 'n hindernis tot eenheid nie want ons deel almal een Gees, en is almal in een liggaam geplaas deur ons doop met die Gees.

Sommige Christene beweer dat hierdie doop met die Gees maande of selfs jare na redding kan plaasvind. Maar dit kan nie waar wees nie, aangesien die doel van die doop met die Gees daar is om *eenheid* onder Christene te bewerkstellig. Indien die doop met die Gees somtyds lank na redding sou plaasvind, is sekere Christene nog nie (en miskien nooit!) deel van die liggaam van Christus nie. Dit is teologies onmoontlik. Daar is nie so iets soos 'n Christen wat nie deel van die liggaam van Christus is nie. Dit skep ook 'n Christenwees op twee vlakke – *die wat het* en *die wat nie het nie*. Die feit dat

die doop met die Gees tydens redding plaasvind, verhoed dat daar 'n paar armsalige Christene is wat werklik glo, maar nog uitgesluit is van die liggaam van Christus.

## **Bewys die gevalle waar die Doop met die Gees in Handelinge plaasgevind het, nie dat dit ná redding plaasvind nie?**

Dit is gevaarlik om Handelinge te gebruik om te bepaal wat die normale manier is waarop die doop met die Gees plaasvind. In Handelinge 2 was daar 'n geluid soos 'n geweldige rukwind en tonge van vuur – insidente wat nooit weer in die Nuwe Testament gebeur het nie. In Handelinge 8 is die koms van die Gees vertraag want die apostels was nog nie teenwoordig nie. In Handelinge 10 is die Gees dadelik ontvang sonder dat daar gebed is of hande opgelê is. In Handelinge 19 is die Gees ontvang by bekering maar eers nadat Paulus die nuwe gelowiges gedoop het en hulle die hande opgelê het. Aangesien al vier gevalle verskillend was, is dit nie moontlik om te sê watter een *normaal* is nie. So, wat moet ons dan vandag verwag?

Eintlik is dit nie so moeilik as wat dit mag klink nie. Die gebeure in Handelinge 2 was duidelik uniek. Ons verwag nie dat dit vandag so sal gebeur nie. In Handelinge 8 is die uitstorting van die Gees vertraag sodat die hele groep saam die Heilige Gees ontvang het. Die Samaritane, wat vyande van die Jode was, het geglo in Christus maar die apostels was nie teenwoordig om hulle redding te bevestig nie. Om te verseker dat daar nie twee kerke in stryd met mekaar ontstaan nie (een Joods en een Samaritaans), het God die



uitstorting van die Gees vertraag totdat Petrus en Johannes ook dáár teenwoordig was.

Die bekering van die heidene in Handeling 10 het nie vereis dat daar gewag word vir eenheid nie, want Petrus was reeds teenwoordig. Later het sommige Joodse gelowiges in Jerusalem die heidene se plek in die liggaam van Christus bevraagteken. Petrus kon hulle toe verseker dat Cornelius se huisgesin die Gees ontvang het net soos hy en die ander apostels die Gees op Pinksterdag ontvang het (Handeling 10:47; 11:15-18; 15:8). Eenheid is bevestig deur die doop met die Heilige Gees. In Handeling 19 het ware begrip daartoe gelei dat die Gees uitgestort is.

Met ander woorde, Handeling 8 is die uitsondering en die enigste geval waar die uitstorting van die Gees waarlik vertraag is. Die doel met hierdie vertraging was om die eenheid wat die doop met die Gees bring, te verseker. Vandag is daar geen rede vir so 'n vertraging nie.

## **Word die doop met die Gees bevestig deur die spreek in tale?**

Nee. As ons net na Handeling sou kyk, kon ons moontlik tot so 'n gevolgtrekking kom. Maar 1 Korintiërs vertel 'n ander storie. Paulus sê aan die Korintiërs: “Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam ...” (1 Korintiërs 12:13). Paulus sê hier spesifiek dat *al* die Korintiërs deur die Gees gedoop is. Het al die Korintiërs in tale gepraat? Nee. In 1 Korintiërs 12:30 vra Paulus “spreek almal in tale?” Die Griekse grammatika verwag 'n negatiewe antwoord op die vraag. Dit is dus duidelik dat die doop met die Heilige Gees

nie bevestig word deur die spreek in tale nie, aangesien *al* die Korintiërs gedoop is met die Heilige Gees, maar *nie almal* in tale gesprek het nie.

## **Is daar twee verskillende gebeurtenisse: Doop *in* die Gees by bekering en 'n latere tweede seën, genoem die doop *deur* die Gees?**

Nee. Die idee dat daar 'n tweede doop *deur* die Gees is, is 'n gewilde opvatting (dikwels gesien as die sleutel tot 'n hoër vlak van geestelikheid). In die Nuwe Testament word gelowiges nooit vertel om so 'n ervaring na te jaag nie. Inteendeel, alhoewel daar vertalings is wat soms *in* en soms *deur* gebruik wanneer na die doop met die Gees verwys word, is die Griekse woord altyd dieselfde.<sup>9</sup> Omdat die Grieks dan in al die gevalle dieselfde woord gebruik, het ons nie die vryheid om te redeneer dat daar na twee verskillende gebeurtenisse verwys word nie. Daar kan nie 'n doop *in* wees wat by bekering plaasvind, en dan 'n doop *deur* wat later plaasvind nie.

---

<sup>9</sup> Die gedeeltes wat “doop met die Gees” noem is 1 12:13; Mattheüs 3:11; Markus 1:8; Lukas 3:16; Johannes 1:33; Handeling 1:5 en Handeling 11:16. In *al die* gevalle word die Griekse voorsetsel “*en*” gebruik.

## Is daar 'n verskil tussen die doop met die Gees en om met die Gees vervul te wees?

Ja. Volgens 1 Korintiërs 12:13 is die doop met Gees 'n innerlike gebeurtenis waardeur die Heilige Gees 'n persoon wat tot redding gekom het, deel maak van die liggaam van Christus. Vervul met die Gees is anders. Daar is *twee* verskillende Griekse woorde vir *vervul* in die Nuwe Testament. Die woord *pleroo* dui op vervul wees met die Gees wat 'n heilige lewenswandel tot gevolg het. Dieselfde woord word in Efesiërs 5:18 gebruik, met soortgelyke gevolge as Galasiërs 5:22-23 se vrug van die Gees. Dit is ook in Handeling 6:3 gebruik om die vereiste godvresende karakter van kerkleiers aan te dui.

'n Tweede Griekse woord *pimplemi*, is gebruik om 'n ander vervul met die Gees aan te dui. *Pimplemi* verwys na 'n bekragtiging deur die Gees; gewoonlik 'n waagmoed om God se Woord te verkondig ten spyte van teenstand. Lukas gebruik die woord in Handeling 4:8 waar Petrus vrymoedig en sonder vrees voor die Joodse leiers praat: "Daarop sê Petrus, vervul met die Heilige Gees, aan hulle: 'Owerstes van die volk en ouderlinge van Israel...'" Later is die hele kerk in Jerusalem op dieselfde manier vervul.

En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te spreek, ... En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek.

Handeling 4:29, 31

Dus, samevattend, is die Nuwe Testamentiese doop met die Gees eerstens 'n eenmalige gebeurtenis wat by redding plaasvind en nie herhaal word nie (1 Korintiërs 12:13). Tweedens word 'n gelowige deurlopend met die Gees vervul, wat 'n godvresende karakter tot gevolg het (Efesiërs 5:18). Derdens verwys die Bybel ook na vervul wees met die Gees wat somtyds kan gebeur en ook herhaalbaar is. Om so vervul te wees met die Gees is 'n bekragtiging om God se Woord met waagmoed te spreek (Handelinge 4:8, 31).<sup>10</sup> Dié drie moet nie verwar word nie.

---

<sup>10</sup> Die apostels het op die Pinksterdag die doop met die Gees ondervind (Handelinge 2:2-3) en is ook vervul met die Gees om met waagmoed te spreek (Handelinge 2:4). Al was die gebeurtenisse amper gelyktydig, was hulle nie dieselfde nie.

## Vrae rondom die Spreek in Tale

Terwyl ek op Universiteit was, het 'n vriend op 'n dag na my gekom en my met groot opgewondenheid vertel dat hy besig was om te leer hoe om in tale te praat. Sy kerk glo dat elke gelowige in tale moet kan praat. Aangesien hy dit nog nie gedoen het nie, het hulle gesê hy moet dit aanleer. Hy moes in die aand in sy kamer sit met al die ligte afgeskakel en die klinkers (a, e, i, o, u) hardop herhaal. Uiteindelik sou die klanke vanself begin vloei en dus sou hy geleer het om in tale te praat.

Dit is vreemd (bisar)! Het die apostels vir die Pinksterfees hulle klinkers geoefen voordat hulle in tale gepraat het? Onwaarskynlik. Paulus sê dat die Gees die gawes aan elke gelowige uitdeel *soos Hy wil* (1 Korintiërs 12:11). 'n Mens *leer* nie jou pad in 'n geestelike gawe in nie. Maar, dit is hoe dit deesdae gaan met tale. Dit is 'n kom-soos-jy-is, doen-wat-jy-wil saak, amper soos in die kerk in Korinte. Wat sê die Bybel *werklik* oor tale? Jy sou nie graag op die oordeelsdag wou uitvind dat wat *jy* beoefen en tale genoem het, nie *dít* is wat *God* tale noem nie.

### **Die eerste keer waar tale in die Nuwe Testament vermeld word is in Handeling 2. Wat word hier oor die spreek in tale gesê?**

En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

Handeling 2:4

Wat presies was die apostels se tale? Lukas noem dat die pelgrims wat van oral uit die Romeinse Ryk<sup>11</sup> vir die Paasfees bymekaargekom het, “in die war was, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek” (v. 6). Die woord *taal* was die Griekse woord *dialektos* (Engels: dialect). Die menigte het hulle verwondering te kenne gegee in Handeling 2:8 “En hoe hoor ons *hulle*, elkeen in ons eie taal (dialek) waarin ons gebore is?”

***Lw dat die Afrikaanse vertaling nie tussen “languages” en “tongues” onderskei nie. Albei word vertaal as “tale”.***

In Handeling 2:11 is die menigte weer verbaas en roep uit, “ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek”. In hierdie geval word die woord *glossa* (tonge) gebruik in verwysing na hulle moedertaal: “ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek.” Die Jode wat teenwoordig was en wat nie die vreemde tale verstaan het nie, het gedink dat die apostels dronk was (v. 13). Diegene wat die ander tale verstaan het, het anders gedink; “ons hoor hulle in ons eie taal.”

Met ander woorde, die apostels het nie in onbekende “hemelse” tale gespreek nie en ook nie in brabbel-spraak wat geen betekenis het nie. Die gawe van tale in Handeling 2 was ’n wonderbaarlike vermoë om ’n dialek of taal te praat wat hulle nooit aangeleer het nie.

Die *tale* in Handeling 2 is deur die Gees gegee en nie aangeleer of nagmaak nie. Dit was ’n openbare byeenkoms,

---

<sup>11</sup> In Handeling 2:9-11 word sestien verskillende streke en tale genoem.

gemik op evangelisasie. 'n Menigte het byeengekom, aangelok deur die geluid van die wind en die tale wat gesprek is. Petrus het toe die evangelie in Grieks verkondig – 'n taal wat elkeen verstaan het.

## **Wat leer Handeling 10 oor die spreek in tale?**

En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het. En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is. Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak. Toe het Petrus begin spreek: Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie?

Handeling 10:44-47

***LW dat die Direkte Vertaling (2014) die woorde “die water weer” vertaal as “niemand kan tog verhinder.”***

Petrus dui aan dat die lede van Cornelius se huishouding die Gees ontvang het “net soos ons.” Dit beteken hulle tale moes dieselfde gewees het as dié van die apostels in Handeling 2 – menslike tale wat nie aangeleer is nie en gepraat is by 'n openbare evangelistiese byeenkoms.

## **Wat leer Handeling 19 oor tale?**

Handeling 19:1-7 is die derde en finale plek waar tale genoem word in Handeling. Lukas noem dat die navolginge van Johannes die Doper in Éfese in tale gepraat

het toe die Gees oor hulle uitgestort is. Aangesien Lukas geen verduideliking gegee het in verband met dié tale nie, moet ons aanvaar dat dit dieselfde tale is as daardie in Handeling 2 en Handeling 10. Indien die tale verskillend was, sou Lukas dit aangedui het.

## **Was die tale wat in Handeling genoem word, anders as dié in Korinte?**

Ons sal na 1 Korintiërs 12-14 moet kyk voordat ons dié vraag ten volle kan beantwoord. Ons kan ten minste die volgende sê: Dit is *chronologies* en *geografies* onwaarskynlik dat die tale in Korinte en die tale in Handeling verskillend sou wees. Hoekom? Die gebeure in Handeling 19 het chronologies plaasgevind net twee jaar voordat Paulus 1 Korintiërs geskryf het. Het die spreek in tale verander gedurende die twee jaar? Onwaarskynlik.

Geografies gesien is dit ook belangrik. Éfese en Korinte was beide groot hawestede net 'n paar dae se see van mekaar af. Paulus het altwee gemeentes geplant. Daar was ook gereeld kontak tussen die twee kerke. Apollos het in beide gepreek. Aquila en Priscilla het albei besoek. Daar was gereelde heen en weer beweging tussen die gemeentes (1 Korintiërs 1:11; 16:8, 10, 17).

Moet ons dus ten spyte hiervan glo dat die tale wat in Éfese gespreek is (Handeling 19), verskil van dié wat in Korinte gespreek is? Dit is beide chronologies en geografies gesien, hoogs onwaarskynlik.



## Kan die spreek in tale aangeleer word?

Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos *Hy wil*.

1 Korintiërs 12:11 (klem bygevoeg)

Die spreek in tale in Korinte was, net soos in Handeling, 'n wonderwerk deur die Gees. Die tale is nie aangeleer nie of nagegaap nie. As jy 'n taal "aangeleer" het deur na ander Christene te luister en hulle na te aap, spreek jy nie die Bybelse tale nie.

## Leer die Nuwe Testament dat *alle* Christene in tale moet spreek?

Die Pinksterkerke sê dat dit wel so moet wees, maar die Bybelse antwoord is *nee*. Selfs in Korinte het al die gelowiges nie in tale gespreek nie. Om dit sterker te stel, almal wat *deur die Gees gedoop is*, het nie in tale gespreek nie.

Want *ons is almal* ook deur een Gees *gedoop* tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.

1 Korintiërs 12:13 (klem bygevoeg)

Al die gelowiges in Korinte is dus gedoop in die Gees, en tog vra Paulus aan die einde van die hoofstuk die volgende: "Spreek almal in tale?" (1 Korintiërs 12:30). In Grieks (die taal waarin Paulus geskryf het) was daar 'n manier om aan te dui dat die antwoord op die vraag negatief is.<sup>12</sup> Paulus gebruik daardie woord hier. Die grammatika verwag hier dat die

---

<sup>12</sup> 'n Retoriese vraag met die negatiewe voorvoegsel, *me*.

antwoord op die vraag “Spreek almal dan in tale?” sou wees, “Nee, almal spreek nie in tale nie.” Paulus maak dit duidelik dat al is *almal* gedoop met die Gees, nie ál die gelowiges in Korinte in tale sou of moes spreek nie.

## **Was die Bybelse spreek in tale bedoel om op gelowiges of ongelowiges ’n impak te hê?**

Die meeste Christene glo dat die Bybelse spreek in tale ontvang is sodat gelowiges hulleself kan opbou, want dit is hoe die spreek in tale vandag gebruik word. Jy mag verbaas wees as jy uitvind dat die Bybelse spreek in tale deur God ontwerp is om op *ongelowiges* ’n impak te hê en nie op gelowiges nie.

Broeders, moenie kinders wees in die verstand nie, maar wees kinders in die boosheid en wees volwassenes in die verstand. In die wet is geskrywe: Ek sal deur mense van ander tale en deur ander lippe tot hierdie volk spreek, en ook so sal hulle na My nie luister nie, sê die Here. Die tale is dus ’n teken nie vir die gelowiges nie, maar vir die ongelowiges.

1 Korintiërs 14:20-22a

Paulus sê in 1 Korintiërs 14:20 dat die Korintiërs kinderagtig en onvolwasse was in hulle denke oor die spreek in tale. Hoe was hulle kinderagtig? Deur te dink dat die spreek in tale bedoel was om ’n impak te hê op gelowiges. “Die tale is dus ’n teken nie vir die gelowiges nie, maar vir die ongelowiges...” (1 Korintiërs 14:22a). Anders as profesie, is die spreek in tale deur God se Gees bedoel om ’n impak te hê op *ongelowiges*. Paulus dink dit is kinderagtig en onvolwasse om dit anders te sien.

## Hoekom het Paulus dit as “onvolwasse” beskou om die spreek in tale te gebruik om ’n impak op gelowiges te hê?

Die spreek in tale teenoor gelowiges was ’n tragiese *onderbenutting* van die gawe. Die spreek in tale was ’n wondergawe (Grieks: *simeion*), ’n wonderwerk wat daarop gemik was om te bevestig dat ’n prediker God se boodskapper was. Dit was hoe Petrus die woord gebruik wanneer hy Jesus beskryf as “’n Man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens (*simeion*)...” (Handelinge 2:22). Die apostels was ook bevestig as God se boodskappers deur die veelvuldige wonderwerke wat hulle gedoen het.

Die kentekens tog van ’n apostel is onder julle verwerklik met alle volharding deur tekens en wonders en kragtige dade.

2 Korintiërs 12:12

Wondertekens bevestig dat die persoon wat die wondertekens gedoen het, God se boodskapper was. Die wondertekens het ook ’n menigte getrek. In Handelinge 3 het Petrus die verlamde man genees. Wat gebeur toe? ’n Menigte kom bymekaar en Petrus *preek*. Dieselfde gebeur in Handelinge 8 waar Filippus wonderwerke doen in Samaria (Handelinge 8:6). Wat het gebeur toe die apostels tydens die Pinksterfees in tale gespreek het? ’n Menigte het bymekaargekom en Petrus het *gepreek*. Hierdie was die dubbele doel van wondertekens: hulle bevestig die prediker en trek ’n menigte sodat die evangelie verkondig kan word. Om die wondertekens vir enige ander doel te gebruik is ’n tragiese *onderbenutting* van die gawe.

## **Waarom sien ons nie dat tale vandag op dié manier in die kerk gebruik word nie?**

Dit is 'n goeie vraag vir dié wat deesdae in tale spreek: Waarom gebruik ek dan nie my spreek in tale op die Bybelse manier nie? Om eerlik te wees, dit is omdat daar niks wonderbaarliks in vandag se sogenaamde spreek in tale is nie. Ongelowiges gaan nie dink dat jy God se boodskapper is as jy geluide brabbel wat nóg jy, nóg enige ander persoon verstaan nie. Die herhaling van 'n paar basiese klanke oor en oor gaan nie 'n menigte lok nie. Kan dit wees dat vandag se sprekers in tale nie die tale op 'n *Bybelse* manier gebruik nie, omdat hulle nie die *Bybelse* gawe van tale het nie?

## **Is die Bybelse spreek in tale in die kerk se aanbiddingsdienste gebruik?**

Paulus het verkies dat die Bybelse spreek in tale *nie* in die kerk se dienste gebruik word nie. Hy het dit teësinnig toegelaat, maar noem dit kinderagtig en onvolwasse.

In die gemeente wil ek liever vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tien duisend woorde in 'n taal.

1 Korintiërs 14:19

Vyf woorde in die taal van die aanbidders was 9 995 keer beter as iets in 'n vreemde taal. Paulus het nie 'n hoë dunk van die gebruik van vreemde tale in die kerk gehad nie.

## **Het Paulus reëls voorgeskryf vir die gebruik of misbruik van tale in die diens?**

En as iemand in 'n taal spreek, laat dit dan wees twee of hoogstens drie, en by beurte; en laat een dit uitlê. Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg, en laat hy met homself en met God spreek. ... Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê.

1 Korintiërs 14:27-28, 34

1. Twee, maar nie meer as drie nie, mag in tale spreek gedurende 'n aanbiddingsdiens.
2. Hulle moes beurte maak, m.a.w. nooit gelyktydig nie.
3. Indien daar niemand was wat die gawe van vertolking gehad het nie, was die gebruik van vreemde tale nie toegelaat nie.
4. Vroue was nie toegelaat om in vreemde tale te spreek gedurende 'n kerkdiens nie.

## **Was die spreek in tale in Korinte dié van *engele* of *hemelse tale*?**

Nee. In 1 Korintiërs 13:1 sê Paulus, "Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword."

Betekenaar dit dat Paulus gedink het dat dit die tale van engele was en dus nie die menslike tale van Handeling 2 nie?

In 1 Korintiërs 13:1-3 maak Paulus duidelik dat die liefde belangriker as geestelike gawes is. Hy doen dit deur die gebruik van vyf hipotetiese *al* (in Engels “if”) stellings.<sup>13</sup>

*Al* sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek ’n klinkende metaal of ’n luidende simbaal geword. En *al* sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en *al* sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. En *al* sou ek al my goed uitdeel, en *al* sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.

1 Korintiërs 13:1-3 (klem bygevoeg)

Let daarop dat Paulus oordryf om sy standpunt te stel. Hy sê nie dat hy of enige iemand anders *alle* kennis het nie, of *alle* geheimenisse ken nie, of *alle* geloof het nie. Maar selfs daardie denkbeeldige “supergawes” sou niks wees sonder liefde nie. Dieselfde is waar van die “superdade” in 1 Korintiërs 13:3.

Kom ons kyk terugwerkend na die vyf *al* (if) stellings:

Vers 3: Paulus het nooit sy liggaam prysgegee om verbrand te word nie. Ons lees nêrens dat hy al sy besittings weggegee het nie.

Vers 2: Paulus het nooit letterlik ’n heuwel of ’n berg geskuif nie; Paulus het nie *alle* kennis gehad nie.

---

<sup>13</sup> Thomas Edgar lê die gedeelte akkuraat uit in *Satisfied by the Promise of the Spirit*, (Grand Rapids: Kregel Resources, 1996, p. 136ff). My dank en erkenning aan hom.

Vers 1: Paulus het nooit in die tale van engele gepraat nie.

Sien jy die patroon? Indien Paulus nie werklik die “superdade” van vers 3 gedoen het nie, en nie die “supergawes” soos in vers 2 gehad het nie; indien vier van die vyf *al* stellings duidelik oordrewe was, hoe kan ons dink dat die vyfde een nie oordrewe was nie? Paulus het net so min in die tale van engele gepraat as wat hy sy liggaam gegee het om verbrand te word of letterlik ’n berg geskuif het. As die ander vier stellings oordrewe was, dan is die eerste een mos ook.

Kom ons neem dit een stap verder. Oorweeg die struktuur van 1 Korintiërs 13:1-2:

<i>Ware gawe</i>	<i>Oordrewe “supergawe”</i>
Al sou ek die tale van mense	en engele spreek
<i>Ware gawe</i>	<i>Oordrewe “supergawe”</i>
al sou ek die gawe van	en al die geheimenisse weet
profesie hê	en al die kennis

In albei verse *het* Paulus die *eerste* gawe besit. Hy het wel die gawe van profesie gehad (v. 2), maar nie die oordrewe “super-gawe” van alle geheimenisse en alle kennis nie. Vers een volg dieselfde patroon. Paulus kon in tale spreek – *die tale van mense* (verstaanbare tale soos in Handeling 2), maar het nie die oordrewe opgemaakte “super-gawe” van die tale van engele gehad nie.

1 Korintiërs 13:1-3 wys nié dat Paulus gedink het dat dit tale van engele of hemelse tale was nie. Eerder dat hy geglo het die spreek in tale ’n wondergawe was om te kon praat in ’n menslik-verstaanbare taal wat nooit aangeleer was nie. Die

sprek in tale in Korinte was dieselfde as die spreek in tale in Handeling.

## **Is die Bybelse spreek in tale gegee as 'n "private gebedstaal"?**

Jy sal verbaas wees om te hoor dat die Nuwe Testament nooit noem dat tale in afsondering of in die geheim gepraat is nie. In Handeling 2, Handeling 10 en Handeling 19 is die tale gesprek in openbare evangelistiese byeenkomste. Die Korintiërs het die gawe misbruik in hulle dienste, maar dit was ook in die openbaar. Die gebruik van tale tydens gebed in afsondering word nooit genoem nie. Daar is twee verse wat gebruik word as 'n argument teen hierdie standpunt, naamlik 1 Korintiërs 14:2 en 1 Korintiërs 14:28.

Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; *want niemand verstaan dit nie*, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede.

1 Korintiërs 14:2 (klem bygevoeg)

Dit beskryf nie gebed in afsondering nie. Paulus sê, "... niemand verstaan ...". Die vers verwys dus na gebed wat in die *openbaar* gebid is. Mense hoor, maar verstaan nie, want dit is nie geïnterpreteer nie.

Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy *in die gemeente* swyg, en laat hy met homself en met God spreek.

1 Korintiërs 14:28 (klem bygevoeg)

Hierdie het ook niks te doen met die spreek van tale in afsondering nie. Dit beskryf 'n *openbare* aanbiddingsdiens waarin geen vertolker was nie. 'n Gemompel was die uiteindelijke, alhoewel onwenslike opsie van die *openbare*



spreek in tale. In 1 Korintiërs 14:16 noem Paulus weer die gebruik van tale in gebed. Was dit in die openbaar of in afsondering?

Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van 'n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie?

1 Korintiërs 14:16

Hierdie beskryf ook 'n openbare aanbiddingsdiens waartydens ander mense kon antwoord met 'n *Amen*. Die hele 1 Korintiërs 14 gaan oor *openbare* aanbidding. Vir vandag se tale-sprekers is dit skokkend dat die Nuwe Testament nooit praat oor die spreek in tale in private omstandighede nie.

**Baie Christene voel meer geestelik wanneer hulle in tale spreek en voel beter toegerus om die probleme van die lewe te hanteer. Is dit nie 'n goeie rede om in die geheim of in afsondering in tale te spreek nie?**

Nee. In die Nuwe Testament is heelwat geskryf oor beproewinge, geestelike probleme en sonde, maar nie een keer word die spreek in tale voorgestel as die manier om die probleme van die lewe te hanteer nie. Boonop was die kerk in Korinte behep met die spreek in tale, maar dit was ook die mees selfsugtige, onvolwasse, hoogmoedige en goddelose kerk in die Nuwe Testament. Dit sou 'n fout wees om te dink dat die spreek in tale bevorderlik vir geestelike volwassenheid is.

## **Moedig Romeine 8:26 nie die bid in tale aan nie?**

En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met *onuitspreeklike sugtinge*.

Romeine 8:26 (klem bygevoeg)

Lw die Direkte Vertaling is nader aan die New American Standard Bible (NASB). Dit lees "versugtinge wat nie verwoord kan word nie."

Bybelse tale was woorde; dit was verstaanbare taal wat geïnterpreteer kon word. Beide Handeling en 1 Korintiërs stem hieroor saam. Dus, na watter rol van die Heilige Gees ook al in Romeine 8:26 verwys word, dit is nie die spreek in tale nie. Dit is iets wat die Gees doen wat "*onuitspreeklike versugtinge*" is. Romeine 8:26 verwys nie na tale nie.

## **Sê Paulus nie, "moenie die spreek in tale verhinder nie"?**

Ja. 1 Korintiërs 14:39 sê, "Daarom, broeders, beywer julle om te profeteer en moenie verhinder dat daar in tale gesprek word nie." Blykbaar was sommige gelowiges in Korinte so gefrustreer deur die ongeïnterpreteerde en aandagtrekkende uitbarstings in tale gedurende aanbiddingsdienste, dat hulle dit oorweeg het om tale heeltemal te verban. Paulus sê dat om tale te verban, nie die geskikte oplossing was nie.

Vanselfsprekend dus, as Paulus sê: "Moenie verhinder dat daar in tale gesprek word nie" bedoel hy *Bybelse* tale wat gebruik word op 'n *Bybelse* manier. Indien jy Bybelse tale spreek geld die bevel. Indien nie, dan geld dit nie.

## Het Paulus nie gesê dat hy in meer tale as die Korintiërs gespreek het nie?

Ja. Maar kom ons hoor *waar* Paulus in tale gespreek het.

Ek dank my God dat ek meer in tale spreek as julle almal; [*waar het hy dit gedoen?*] maar in die gemeente wil ek liever vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tien duisend woorde in 'n taal [*Nie in die kerk nie. Waar dan?*]. Broeders, moenie kinders wees in die verstand nie ... Die tale is dus 'n teken nie vir die gelowiges nie, maar vir die ongelowiges.

1 Korintiërs 14:18-20a, 22a

Diegene wat deesdae in tale praat, neem aan dat Paulus tale in die geheim of in afsondering gebruik het omdat hulle dit self so gebruik; nie omdat die Nuwe Testament so 'n praktyk noem nie. Paulus het dit nooit oorweeg om tale in afsondering te gebruik nie. Hoekom sou jy 'n wonderteken wat gemik is op ongelowiges, *privaat* gebruik?

Kan Christene hulleself geestelik opbou deur in tale te spreek?

Nee. In 1 Korintiërs 14:4 skryf Paulus: “Hy wat in 'n taal spreek, stig homself.” Was hierdie slegs-vir-myself, self-opbou 'n *goeie* ding of 'n *slegte* ding? Dit was 'n *slegte* ding.

En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie. ... Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee *met die oog op wat nuttig is*.<sup>14</sup>

1 Korintiërs 12:1, 7 (klem bygevoeg)

Lw die NASB vertaal dit as “for the common good.” Die 1983 vertaling gebruik “tot voordeel van almal.”

Geestelike gawes was voordelig vir almal – dit was nóg ’n waarheid waaroor die Korintiërs onkundig was. Buitendien wys die hele 1 Korintiërs 13 dat liefde *al* die geestelike gawes beheers. Een van die primêre eienskappe van die liefde is dat dit nie sy eie belang soek nie (1 Korintiërs 13:5). In 1 Korintiërs 14 is daar ses verse (vv. 4, 5, 6, 12, 17, en 26) waarin Paulus beklemtoon dat die gawes vir die opbou van andere is. Let veral op 1 Korintiërs 14:12.

So moet julle ook, terwyl julle streef na geestelike gawes, probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente.

1 Korintiërs 14:12

In 1 Petrus 4:10 lees ons, “Namate elkeen ’n genadegawe ontvang het, moet julle *mekaar* daarmee dien” (klem bygevoeg). Hierdie is ’n klinkklare bewys dat die “slegs-vir-myself” *self-opbou* wat Paulus in 1 Korintiërs 14:4 beskryf, ’n verkeerde manier was om die gawe, die spreek in tale, te gebruik.

Hier is wat werklik in 1 Korintiërs 14:4 gebeur het: Die

---

<sup>14</sup> Die Bybelse spreek in tale (reg toegepas) was tot voordeel van die kerk want dit het ongelowiges getrek sodat hulle die prediking van die evangelie kon hoor.

Korintiërs het gereeld, *sonder interpretasie*,<sup>15</sup> tydens die aanbiddingsdiens in tale gepraat. Wanneer een van hulle luidkeels in tale gepraat het, het die ander gelowiges net so min verstaan as wat ek sou verstaan as jy die boek van Romeine in Japannees sou voorlees. 'n Wonderlike boodskap, maar in die verkeerde taal. Dit is waarom Paulus profesie verkies het bo tale, "... hy moet dit uitleê, sodat die gemeente stigting kan ontvang" (v. 5). Indien daar geen vertaling van die boodskap in tale was nie, verstaan die gemeente uiteindelik niks daarvan nie.

1 Korintiërs 14:4 was nie toestemming om tale te gebruik vir 'n "slegs-vir-myself" rede nie. Dit was 'n teregwysing omdat dit op daardie manier gebruik is: "... die liefde soek nie sy eie belang nie" (1 Korintiërs 13:5). Tale wat op die mens self gerig is, is tale wat verkeerd gebruik word.

## **Help die bid in tale nie Christene om beter te bid nie?**

Nee. Beide Paulus en Jesus het gebede wat jyself nie verstaan nie, verwerp.

Daarom moet hy wat in 'n taal spreek, bid dat hy dit kan uitleê. Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar. Hoe staan die saak dan? *Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid.*

1 Korintiërs 14:13-15a (klem bygevoeg)

---

<sup>15</sup> Paulus spreek die nutteloosheid hiervan aan in 14:7-11. Die spreek in tale gedurende 'n diens het min voordeel ingehou, maar om tale te gebruik sonder vertaling was beide nutteloos en onbeleefd.

Paulus het geen nut gesien in 'n gebed wat sy verstand nie verstaan het nie. Hoe kan dit beter wees vir Paulus om in Chinees te bid – 'n taal wat hy nie verstaan nie – as om te bid in 'n taal wat hy verstaan? God kan beide verstaan. Hoekom sou dit dan beter wees as Paulus dit *nie* verstaan nie? Maar dit is die logika van diesulkes wat vandag in tale bid: 'n gebed is “beter” wanneer ek geen benul het van wat ek besig is om te bid nie. Dit is 'n onsinnige standpunt. Paulus sê dat 'n Christen met beide sy gees *en* sy verstand moet bid.

Paulus verwerp die bid van gebede wat jyself nie verstaan nie. Maar hy was nie die enigste een wat dit verwerp het nie. Jesus het ook:

En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie.

Matteus 6:7

Die woord vertaal as *ydele herhaling* was die Griekse woord *battalougeo*. Dit het beteken om te brabbel of te praat sonder om te dink. Dit is 'n woord wat die hedendaagse bid in tale perfek beskryf. Min mense wat deesdae in tale bid, beseft dat Jesus sy volgelingen beveel het om nie te bid met herhaalde brabbelende klanke wat hulleself nie verstaan nie. Dit is heel eenvoudig: God wil nie hê dat ons sulke gebede tot Hom bid nie. Dit skok die sprekers in tale maar dit beklemtoon Paulus se standpunt wanneer hy sê, “En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie.”

**'n Man het in ons Bybelstudie genoem dat iemand wat sy tante se kerk in Engeland besoek het, berig dat die predikant se vrou in Russies gebid het. Bewys dit nie dat vandag se spreek in tale Bybels is nie?**

Sulke berigte is meestal derde- of vierdehands en dus moeilik om te bevestig. Het dit soos Russies geklink of was dit Russies? Het die persoon wat gepraat het, ooit Russies geleer? Was die besoeker Russies magtig of het hy net geraai? Het dit regtig gebeur of is die storie opgemaak? (Dit gebeur). Ons kan heeldag stry en nie tot 'n gevolgtrekking kom nie. En selfs as dit waar sou wees, bevestig dit nog nie *jou* spreek in tale nie. Het enige anderstalige persoon *jou* spreek in tale gehoor en uitgeroep: "Hoe is dit moontlik dat jy my taal praat?"

**Indien vandag se spreek in tale dan nie van God se Gees kom nie, waar kom dit vandaan?**

Deesdae se tale toon geen eienskappe van die Bybelse Gees-gegewe tale nie (behalwe die naam). Indien hulle nie van God se Gees is nie, is daar drie moontlike bronne: *Vooraf beplande vervalsing, self-misleide vervalsing en demoniese vervalsing.*

Baie mense wat deesdae in tale praat, doen dit terwyl hulle weet dat hulle besig is om te bedrieg. Menige wat die Charismatiese beweging verlaat, bevestig dit. Die druk om in tale te praat is groot. Daarom aap jy jou buurman na wat by 'n gebedsgeleentheid mompel in tale. Dit is nie 'n

wondergawe van God se Gees nie. Dit is *voorafbeplande vervalsing*.

Ander Christene is oortuig dat indien hulle in tale praat, hulle nie bedrieg nie. Hulle is so gewoond om in tale te praat, dat dit vir hulle nie soos bedrog of self-misleiding voel nie. 'n Bekende Charismatiese skrywer berig dat, al waaraan hy kon dink toe hy die eerste keer in tale gepraat het, was: "Merlin, jy is besig met bedrog; jy maak 'n klomp gebrabbel op. Ek het besef dat indien ek in geloof praat, ek nie kan staatmaak op my eie gewaarwording om die resultate te meet nie. Toe besluit ek ... om nie ag te slaan op wat ek dink nie."<sup>16</sup> Dit was *self-misleide vervalsing*.

In die eerste plek het hy bewustelik bedrieg. Deur sy verstand af te skakel (Jesus en Paulus gee die teenoorgestelde raad), het hy 'n gewoonte gevestig om in tale te praat. Uiteindelik het dit vanself gebeur om die tale-geluide te herhaal, sodat hy nie meer gevoel het dat hy bedrieg nie. Sy raad is: "Wanneer jy jou mond oopmaak en begin om in tale te praat, gaan jy waarskynlik geneig wees om te dink, net soos ek, dat jy besig is om te bedrieg en dat jy die woorde opmaak. Moenie dat dié gedagte jou mislei om die gedrag te staak nie."<sup>17</sup> Dit is aanmoediging vir *ander* Christene om hulleself te mislei.

Net soos 'n verbeelsieke persoon (ipekonders) regtig glo dat hy siek is, so is die persoon wat in tale praat oortuig dat hy

---

<sup>16</sup> Merlin Carothers, *Power in Praise*, (Escondido: Merlin R. Carothers, 1972), p. 54.

<sup>17</sup> Ibid., p. 55.



iets doen wat van God kom. Hoe kan ons seker wees dat dit nie van God kom nie? Ons werk nie hier met 'n wonderbaarlike, onaangeleerde, onbekende taal wat 'n menigte bymeekaartrek sodat die evangelie verkondig kan word nie. Dít was hoe Bybelse tale gebruik is.

Daar is 'n derde moontlikheid as bron van vandag se tale. Terwyl heelwat spreek in tale vandag bewustelik of onbewustelik self-geproduseerd is, is sommige daarvan verseker *demoniese vervalsing*. As jy hard genoeg soek na 'n ervaring, sal Satan dit doelbewus vir jou vervals.

# Vrae rondom vandag se Wondertekens

## Is vandag se wondertekens Bybels?

Baie sal in daardie dag vir My sê: *Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?* En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

Matteus 7:22-23 (klem bygevoeg)

Dis hartseer, maar op die oordeelsdag gaan heelwat mense ontdek dat hulle bedrieg is deur hulle “bevestigende” wondertekens. Indien *hulle* wondertekens nie van God was nie, watter versekering het jy dat *joune* is? Om te verhoed dat jy bedrieg word, is dit krities dat Christene die eienskappe van *Bybelse* wondertekens ken – in teenstelling met al die aanspraakmakers. Ongelukkig sien ons dat vandag se wondertekens nie voldoen aan die Bybelse maatstawwe nie. Is dit moontlik dat ons aanvaar wat Jesus verwerp het?

## Is dit moontlik dat die gawes van die Gees kon eindig?

Ja. Ons weet dat ten minste een gawe van die Gees reeds opgehou het: die gawe van apostels (1 Korintiërs 12:28). Die apostels was ’n uitgesoekte groep manne. Hulle is deur Jesus gekies en aangestel (Handelinge 1:2). Hulle het hulle instruksies rakende die Christelike leerstelling by Jesus persoonlik gekry (geïmpliseer in Handelinge 1:21-22). Hulle het Jesus gesien tydens die veertig dae na sy opstanding uit die dood en was dus ooggetuies van sy opstanding

(Handelinge 1:22). Die term “apostel” is primêr beperk tot die twaalf alhoewel ’n paar ander soos Jakobus, die broer van Jesus, ook apostels genoem is (Galasiërs 1:19).

Paulus is daarna bygevoeg tot hierdie uitgesoekte groep toe Jesus aan hom verskyn het op die pad na Damaskus (Handelinge 26:16, Galasiërs 1:1). As gevolg van daardie ontmoeting het Paulus ook ’n ooggetuie van die opstanding van Jesus geword. Ons weet dat Paulus nie ’n volgeling van Christus gedurende sy aardse bediening was nie; daarom het hy sy instruksie in Christelike leerstellinge deur visioene gekry. (Galasiërs 1:11-12).

Hier is ons vraag: stel Jesus steeds apostels aan op die unieke manier waarop Hy Paulus aangestel het en verewig daardeur die gawe van apostelskap? Nee. Paulus het self so berig.

Daarna het Hy verskyn aan oor die vyfhonderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het. Daarna het Hy verskyn aan Jakobus; daarna aan *al* die apostels; en *laaste van almal* het Hy verskyn ook aan *my as die ontydig geborene*.

1 Korintiërs 15:6-8 (klem bygevoeg)

“Laaste van almal...” Paulus sê in eenvoudige taal dat hy die laaste apostel was wat aangestel is. Daar was nie honderde of duisende ander wat ontydig gebore was nie. Paulus was uniek. Die gawe van apostelskap wat so belangrik was om die kerk te vestig (Efesiërs 2:20), het verdwyn toe Paulus en die ander oorlede is.

## **Sal enige gawes behalwe die van 'n apostel ophou?**

Ja. Paulus gooi koue water oor die Korintiese kerk en waarsku hulle dat hulle beheptheid met tale en vertoon-gawes, soos profesie, 'n beheptheid met tydelike gawes is.

Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan.

1 Korintiërs 13:8

## **Dui die Bybel aan *wanneer* die wondertekens soos spreek in tale, genesing en profesie tot 'n einde sal kom?**

Geen vers in die Nuwe Testament sê presies wanneer die wondertekens tot 'n einde sal kom nie. Twee belangrike verse gee wel 'n aanduiding wanneer dit sal gebeur. Hierdie verse is 2 Korintiërs 12:12 en Hebreërs 2:3-4.

In die laaste paar hoofstukke van 2 Korintiërs is Paulus besig met die onsmaklike taak om sy apostelskap te verdedig teen die aantygings van die Korintiese kerk. Sommige in die kerk maak aanspraak daarop dat hulle apostels was (inderwaarheid *super-* apostels), en dat Paulus nie was nie. Wat dink Paulus van hierdie self-verklaarde super-apostels?

Want ek het niks by dié uitnemende apostels agtergestaan nie, al is ek niks nie. [*Die bewys?*] Die kentekens tog van 'n apostel is onder julle verwerklik met alle volharding deur tekens en wonders en kragtige dae.

2 Korintiërs 12:11b-12

Daar was heelwat kenmerke wat 'n ware apostel onderskei het van 'n geveinsde apostel. Een daarvan was dat die ware apostoliese bediening bevestig is deur tekens en wonderwerke (ware, onweerlegbare wonderwerke, nie vandag se kamma-wonders nie).<sup>18</sup>

Vraag: Wat sou gebeur het indien daar nie meer apostels was wat bevestig moes word nie? Wat sou gebeur het nadat Petrus, Jakobus, Johannes, Paulus en die ander gesterf het? Sou God steeds die *kentekens van 'n ware apostel* gee? Sou dit nie verwarrend wees nie? Mens sou uiteraard verwag dat die kentekens wat 'n apostel bevestig as 'n ware apostel, tot 'n einde sou kom sodra al die apostels gesterf het (asook Paulus wat laaste aangestel is).

## **Wat sê Hebreërs 2 oor wondertekens en wanneer hulle tot 'n einde sou kom?**

Slegs 'n klein gedeelte van dié wat Christene geword het in die Nuwe Testamentiese era, het werklik vir Jesus hoor preek. Indien hulle dan nie Jesus gehoor preek het nie, hoe het hulle die reddings-boodskap gehoor?

Nadat dit [die evangelie] eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het ...

Hebreërs 2:3

Wie was “die wat dit gehoor het” dat die Here Jesus preek? *Die apostels*. Hulle was *ooggetuies* van Jesus se opstanding

---

<sup>18</sup> Genesings wat geen sigbare wonderwerke behels, profesieë wat dikwels verkeerd bewys word, en tale wat nie onaangeleerde werklike tale is nie, kan nie beskou word as *bevestigende* wondertekens nie.

en *oorgetuies* van sy lering. Maar met al die bedrieërs daar buite, hoe kon mense weet dat die apostels God se manne was? God het hulle bevestig deur wondertekens.

Hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het, terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dae en bedélinge van die Heilige Gees volgens sy wil?

Hebreërs 2:3-4

Die Nuwe Testament dui nie aan wanneer die wondertekens sou eindig nie. Die primêre funksie van die wondertekens was egter om die apostels as God se boodskappers te bevestig. Dit is dus redelik om tot die gevolgtrekking te kom dat toe die apostels gesterf het (Paulus was die laaste een wat aangestel is), die wondertekens wat hulle bevestig het, ook tot 'n einde sou kom. Ons volgende vraag is of dit wel gebeur het.

## **Is daar geskiedkundige bewyse dat die wondertekens tot 'n einde gekom het toe die apostels gesterf het?**

Inderdaad, *al* die bewyse in die geskiedenis dui aan dat die wondertekens opgehou het toe die apostels gesterwe het. Daar is Charismate wat argumenteer dat die wondertekens sedert die Nuwe Testamentiese era tot vandag toe, nog

plaasvind. Dit is egter hoegenaamd nie waar nie. Kom ons kyk na die geskiedenis.<sup>19</sup>

Gedurende die eerste tweehonderd jaar na die Nuwe Testamentiese era is die spreek in tale slegs een keer in Christen-geskrifte genoem (deur Irenaeus). Sy opmerking maak dit onmoontlik om te bepaal of hy praat van die spreek in tale tydens sy leeftyd, en of hy verwys na gebeure wat 100 jaar tevore in Handeling berig is. Dit is die enigste verwysing na tale in die twee eeue na die apostels. Dus, óf tale het opgehou óf hulle was baie onbelangrik vir die na-apostoliese kerk.

Rondom 400 nC het twee van die bekendste persone in die kerkgeskiedenis, die prediker John Chrysostom en die teoloog Augustinus, bevestig dat die wondertekens van Handeling nie in die kerk voorkom nie. Inteendeel, die eerste keer ná Handeling waar wondertekens genoem word in Bybelse kerke, was vroeg in die 1900's.

## **Was daar nie sekere groepe in die kerkgeskiedenis wat geprofeteer het en in tale gespreek het nie?**

Ja. Hulle was egter kettters en groepe wat teologies gedwaal het. Hulle val onder dié wat deur Christus verwerp sal word

---

<sup>19</sup> Wat hier volg is 'n opsomming van Thomas Edgar se geskiedkundige materiaal in *Satisfied by the Promise of the Spirit* (Grand Rapids: Kregel Resources, 1996).

(Matteus 7:22-23), diesulkes wie se wondertekens nie van God se Gees afkomstig is nie.

'n Voorbeeld is Montanus wat in 160 nC beweer het dat hy die gawe van profesie besit. Hy het geprofeteer dat die Duisendjarige vrederyk tydens sy leeftyd in 'n dorpie Pepuza in Turkye 'n aanvang sou neem. Montanus was heeltemal verkeerd. Hy was 'n *valse* profeet.

Na vyftien honderd jaar se stilte (dit is skaars 'n bewys van *ononderbroke* wondertekens), noem sekere Charismatiese geskiedkundiges die Janseniete as 'n groep wat wondertekens beoefen het. Die Janseniete het in Frankryk gelewe gedurende die 1700's. Hulle was Rooms-Katoliek en het regverdiging deur geloof ontken. Hulle was dus nie eers Christene nie, want hulle het redding deur werke verkondig.

Gedurende die Protestantse Hervorming het verskeie radikale Anabaptiste beweer dat hulle in tale spreek en profeteer. Daar is geen beslissende getuienis dat hulle in tale gespreek het nie. Maar een van hulle leiers, Melchior Hoffman, het beweer dat hy een van die getuies was wat in Openbaringe 11 genoem word. Hy het gepoog om die Duisendjarige Vrederyk in Munster, Duitsland tot stand te bring. Net soos Montanus voor hom, was Hoffman se bewerings verkeerd en hy was 'n *valse* profeet.

Gedurende die 1600's en die 1700's was daar groepe in Engeland en Amerika wat "in tale gepraat" het en "geprofeteer" het (Die Shakers en Ranters). Maar hulle was nie *Christen* groepe nie. Die Shakers het geglo dat hulle leidster, Ann Lee, 'n tweede menswording van Jesus Christus was. Hulle het ook boodskappe ontvang van dooies en het



naak in hulle byeenkomste gedans. Die Ranters het in tale gepraat maar hulle teologie was panteïsties (alles is God). Wat hierdie groepe ook al belewe het, dit was nie die gawes van die Gees nie. Die geskiedkundige getuienis word bevestig deur wat 2 Korintiërs 12 en Hebreërs 2 aandui: die wondertekens het opgehou toe die apostels gesterf het.

## **Het die wondertekens nie meer plaasgevind nie as gevolg van die feit dat die Christene nie meer in hulle geglo het nie, eerder as dat God hulle nie meer aan die kerk wou skenk nie?**

Jack Deere het hierdie argument gewild gemaak. Die argument was vanweë 'n aantal redes foutief. In die eerste plek beklemtoon die Nuwe Testament dat die Heilige Gees dié gawes gee *soos Hy wil* en nie afhange van die geloof van die gelowiges nie (1 Korintiërs 12:7; Hebreërs 2:4).

Ten tweede was die genesings tydens die Nuwe Testamentiese era so duidelik dat selfs die vyande van die Christelike geloof erken het dat dit ware wonderwerke was. Dit is in teenstelling met vandag se “genesings” (Handelinge 4:16). Indien Christene gereeld die wonderwerke gedoen en gesien het, hoe het dit dan gebeur dat daar nie meer in hulle geglo is nie?

In die derde plek het die mense in die tydperk na die Nuwe Testamentiese era onwrikbaar geglo in die bonatuurlike (soos almal voor die 1700's). Diesulkes sou nooit opgehou het om te glo in die bonatuurlike wondertekens nie. Dit is in teenstelling met die Westerse kulture wat vandag dikwels die moontlikheid van wonderwerke ontken.

## **Indien die wondertekens teen die einde van die Nuwe Testamentiese era opgehou het, waarom is daar dan vandag 'n Charismatiese beweging?**

Deesdae se “wondertekens” het hulle oorsprong in 1901, en is verreweg nie 'n voortsetting van die tekens en wonders van Handeling nie. Die geboorteplek van die Charismatiese beweging was 'n klein Bybel-kollege in Kansas in die sentrale V.S.A. 'n Groep studente onder druk van hulle instrukteur het gepoog om in tale te praat as deel van 'n taak. Uiteindelik het 'n paar van hulle iets ondervind, wat hulle geglo het tale was.

Die beweging, wat in sy kinderskoene was, het sy eerste sterk groei in 1906 in Los Angeles, Kalifornië, gedurende herlewings-byeenkomste beleef wat die Azusastraat-herlewing genoem is. Die Pinkster-beweging met sy spreek in tale (ekstatische gebrabbel) het vanuit hierdie byeenkomste ontstaan. Die Pinkster-beweging het 'n klein splintergroep vir die volgende sestig jaar gebly, met min aanvaarding onder die evangeliese Christene.

Dit was eers gedurende die sestiger jare dat die spreek in tale (steeds ekstatische gebrabbel en nie onaangeleerde vreemde tale nie) inslag gevind het in die hoofstroom-kerke, en daaruit is die Charismatiese beweging gebore. Die Rooms-Katolieke was leiers in die nuwe verskynsel.<sup>20</sup> Toe tale begin posvat in die hoofstroom evangeliese beweging, het

---

<sup>20</sup> Die “spreek in tale” is vandag net so algemeen onder Katolieke wat bekering deur werke verkondig, as onder kerke wat glo in bekering alleenlik uit genade deur geloof. Sou God se Gees wondertekens gee aan hulle wat 'n leerstelling verkondig wat die Nuwe Testament vervloek noem? (Galasiërs 1:6-9) Dit sou inderdaad vreemd wees.

geloofsgenesers begin om die nuwe “gawe van genesing” gewild te maak. Net daarna het “profesie” mode geword. Daarna het die Charismatiese beweging tot die wêreldwye beweging ontplof wat dit vandag is.

Soos ons sien, was hulle gawes hoogstens flou skadu’s van die Bybelse gawes. Die name is dieselfde, maar die eienskappe is verskillend – beduidend verskillend. Sommige was eerlik genoeg om dit te erken. Dus beweer hulle dat hulle ondervindings ’n tweede uitstorting van die Heilige Gees is en nie ’n voortsetting van die wondertekens nie.

### **Is vandag se tekens en wonders ’n tweede werk van God se Gees (m.a.w. ’n vervulling van die “laat reëns” in Joël 2)?**

In Joël 2:18-23 noem die profeet “... die vroeë reëns en die laat reëns.” Sommige beweer dat die wonderwerke in Handeling die vroeë reën van die Gees was en dat vandag se ervarings die laat reëns is. Is dit die korrekte vertolking van Joël se profesie?

Nee. Joël het die oordeel oor Israel geprofeteer omtrent agthonderd jaar voor Christus. Die oordeel was ’n sprinkaanplaag en ’n droogte. Joël 1:4 praat van die afknyper-sprinkaan, die trek-sprinkaan, die voetganger-sprinkaan, en die kaalvreter-sprinkaan wat Israel se velde sou stroop. Wat die onversadigbare insekte sou oorsien, sou die droogte verskrimpel.

Die wingerdstok het verdor, en die vyeboom het verwelk; die granaat, ook die palm en die appelboom, al die bome van die land het verdor; want beskaamd is die vreugde, weg van die mensekinders af.

Joël 1:12

Die gevolge van geen reën is 'n verwelkte oes en 'n verwelkte vreugde. Dit beteken ook dors en veldbrande: "Selfs die diere van die veld smag na U; want die waterstrome het opgedroog, en 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer" (Joël 1:20). Hoe sou God die land herstel? Hy sou sorg dat die wind die sprinkane aan die westekant in die Middellandse See en aan die oostekant in die Arabiese Woestyn waai (Joël 2:20). Hy sou 'n goeie oes voorsien om die leë dorsvloere en wynvate te vul: "Kyk, Ek stuur vir julle koring en mos en olie" (Joël 2:19). En hoe herstel 'n land na jare se droogte en hongersnood tot 'n ryk oes wat die skure vul? Reën.

En julle, kinders van Sion, ... Hy laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen.

Joël 2:23

Die vroeë reëns en laat reëns was 'n welbekende weerpatroon in Israel. Die *Moody Atlas of Bible Lands* noem die volgende:

Die reënseisoen het die "vroeë en die laat reëns" ingesluit ...Die eerste (vroeë) reëns, gewoonlik gedurende Oktober, het die grond deurweek en

voorberei vir ploeg en plant; die latere reëns gedurende April was belangrik vir die rypword van sekere oeste.<sup>21</sup>

Die profeet Joël se vroeë reën en laat reën verwys daarna dat God die fisiese droogte gebreek het deur Israel se normale weerpatrone te herstel. Wat het dit te doen met 'n eerste en tweede uitstorting van die Gees? Net mooi niks nie!

Sommige beweer dit hou verband met Joël 2:28 “En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees ...” Maar hierdie is 'n heel nuwe gedeelte van Joël se profesie. Dit word ingelei soos die profete dikwels gedoen het, met “En *daarna* ...” Soos die “*daarna*” aandui, was die uitstorting van die Heilige Gees 'n gebeurtenis wat plaasgevind het lank ná die droogte en die sprinkaanplaag. Kortliks, die Bybelse voorbeelde wat aangebied word as bewys dat vandag se twyfelagtige tekens en wonders 'n tweede werk van God se Gees is, is inderdaad geen bewys nie.

## **Selfs as vandag se genesings, profesieë en tale verskil van die Bybelse gawes, kan dit nie tog van God se Gees wees nie?**

Charismate het hulle nuwe gawes aanvaarbaar gemaak vir die kerk deur aanspraak te maak dat die gawes *dieselfde* as dié in die Nuwe Testament is. Maar nou word dit duidelik dat hulle genesings nie Bybelse genesings is nie, hulle tale nie

---

<sup>21</sup> Barry J Beitzel, *The Moody Atlas of Bible Lands*, (Chicago: The Moody Bible Institute of Chicago, 1985), pp 52-53.

Bybelse tale is nie en hulle profesieë nie Bybelse profesieë is nie.

Indien hulle ondervra word, sê dieselfde Christene: “Maar ons gawes is verskillend, minder omvangryk as dié in die Nuwe Testament.” Jammer. Die gawes kan nie *dieselfde* wees as dié in Handeling 1 én terselfdertyd *verskil* van dié in Handeling 2 nie. Óf die gawes is dieselfde, óf hulle verskil.

Indien hulle verskil (en hulle verskil wel), dan moet ons Matteus 7:21-23 in ons denke insluit. Op die oordeelsdag sal Jesus die self-geproklameerde wonderwerke van baie self-erkende Christene verwerp. Moenie aanvaar wat deur Jesus verwerp gaan word nie!

Feilbare profesieë, gebrabbelde onsinnige klanke en onsigbare skyn-genesings is nie verskynsels in die Christelike kerk nie. Hulle was nog nooit nie, en hulle mag nie vandag so beskou word nie. Een geskiedskrywer vermeld die volgende oor Mormonisme: “Die Mormoonse kerk ervaar baie ooreenstemmende motoriese verskynsels (fisiese bewegings) wat die Pinkster-kerke kenmerk. Geskreeu, geruk, en gedans was algemeen in hulle dienste en Brigham Young (die stigter van Mormonisme) het nie slegs in onbekende tale gespreek nie, maar het sy eie boodskappe aan sy hoorders verklaar.”<sup>22</sup>

In Afrika praat die toordokter in onbeheerste brabbeltaal, hy doen “genesings” wat nie oortuigend en wonderbaarlik is nie, en hy gee profesieë wat nie waar word nie. Hierdie is ook nie gebeurtenisse in die *Christelike kerk* nie. Vandag se

---

<sup>22</sup> Vinson Synan, *The Holiness Pentecostal Movement in the United States*, (Grand Rapids: Eerdmans, 1971), p. 25 soos aangehaal in Edgar, p. 221.

wondertekens het *dieselfde* eienskappe. Hulle is meer heidens as wat hulle Bybels is. Is dit bewyse van die werking van God se Gees? Nee. Dit is bewyse wat *geen* Christen behoort te aanvaar nie. Die gevaar is nie dat ons die werking van God se Gees sal verwerp nie; die gevaar is dat ons iets sal omhels wat *geen* van die onderskeidende bewyse van God se Gees dra nie.

## **Wat nou?**

En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie.

1 Korintiërs 12:1

Hoe het jy gevaar? Bewus of onbewus? Ingelig of onkundig? Heelwat mense het verkeerde idees oor wondertekens en glo 'n klomp verkeerde dinge. Ek hoop dat jy sal verander. Paulus motiveer jou seer sekerlik:

As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is. Maar as iemand onkundig is, laat hom onkundig bly.

1 Korintiërs 14:37-38

Miskien het jy wondertekens gedoen. En, nou is jy oortuig dat wat jy gedoen het nie die Bybelse gawes was nie. Ek hoop so. Gebruik asseblief nie dié boekie om jou kerk en Charismatiese vriende skade aan te doen nie. Paulus sê aan Timoteus dat die Here se dienskneg nie moet twis nie, maar tereg wys met sagmoedigheid (2 Timoteus 2:24-25). Deel asseblief wat jy hier geleer het met ander. Praat wel die waarheid in liefde, in liefde, in liefde.

## Slotwoord

Heelparty mense wat vandag in tale spreek, genesings doen, en profeteer is werklik gered en is lief vir Christus. Ek verheug my daarin. Tog vrees ek dat baie verward is. Christus se volgelinge moet nie behep wees met twyfelagtige sogenaamde Christelike wondertekens nie, maar met Christus en Sy Woord. “As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels” (Johannes 8:31).

Andere het die gawes meer lief as vir Christus. As jy die opwinding van hulle genesings, die geheimenisse van hulle tale, en die fortuinvertellinge van hulle profesieë wegvat, is daar min van hulle Christenskap oor. Ek hoop dat jy nie in daardie groep val nie. Indien wel, gaan jy op die laaste dag een van dié wees wat skreeu: “Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?” (Matteus 7:22). Jy weet wat Jesus se antwoord gaan wees.

Die ware Christelike geloof gaan daaroor dat ons in Jesus en sy dood aan die kruis vertrou vir redding uit God se geregverdigde toorn teenoor ons sondes. Daarom het ons Christus lief en gehoorsaam sy Woord. Wondertekens was tydelike eretekens van daardie boodskap. Hulle was nie Die Boodskap nie.



## Vir verdere nalees

- *Satisfied by the Promise of the Spirit*, Thomas Edgar
- *Charismatic Chaos*, John MacArthur
- *The Healing Promise*, Richard Mayhue
- *Testing Today's Prophecy*, Joel James
- *Identifying False Teachers: A Sheep's Guide to the Habits of Wolves*, Joel James
- *A Survey of 1 Corinthians 12-14*, Joel James.

## Boekies reeds vertaal in Afrikaans

- **Kinderdoop of die Doop van Gelowiges?**  
Het jy vrae oor die Doop?
- **Die Bybel en Selfliefde**  
Word Christene beveel om *hulself* lief te hê?
- **Oorwin Woede**  
'n Bybelse handleiding om geduldig, verdraagsaam en lankmoedig te word.
- **Vergifnis**  
'n Bybelse handleiding om te vergewe soos God vergewe.
- **Vrae en Antwoorde oor Genesing, Spreek in Tale en Profesie**  
Wat sê die Bybel werklik oor wonderwerkende tekens en gawes?

